


Hoofstuk 4.4

PUK EN DIE RASSE- OF KLEURVRAAGSTUK: “DIE GROOTSTE PROBLEEM IN ONS LAND”



“Die natuurelvraagstuk behels ‘n gevaar vir die voortbestaan van die witman in Suid-Afrika, en die oplossing van die probleem lê daarin dat die toekoms van beide rasse in Suid-Afrika verseker sal wees. Die oplossing moet sodanig wees dat vooruitgang en ontwikkeling van die een nie ten koste van die ander sal wees nie.”

- Die Besembos V(4), Nov 1930

“Die Afrikanerdom sal van nou af meer as tevore hulp moet gee aan die gekleurde bevolking van alle soort om op eie terrein en volgens eie aard tot volle Christelik-Afrikaanse ontwikkeling te kom ... Die Afrikanerdom is vasbeslote om vir die natuurelle-bevolking, met name die Bantoe-stamme ‘n beter toekoms, meer gesond en meer selfstandig, te verseker deur sy segregasie-beleid ...”


- LJ du Plessis, Augustus 1940

4.4.1 “Rassevraagstuk” en “apartheid”

Die term “rassevraagstuk” was weliswaar van meet af deel van die woordeskat van die opvoedkundige instelling waaruit die PUK sy beslag sou kry, maar dan – soos dit ook die geval was in die breë samelewing van destyds – meestal spesifiek heenwysende na die verhouding tussen Engels- en Afrikaanssprekendes. In die algemeen is daar merendeels verwys na die “naturelle-probleem” en het die sogenaamde Kleurlinge en die Indiërs as problematiek maar ‘n lae profiel aangeneem. Namate die konstitusionele posisie van Suid-Afrika stap vir stap deur losmaking van die bande met Brittanje en die Britse Ryk/Statebond uitgeklaar is, het die “rassestryd” tussen Afrikaans- en Engelssprekendes dermate in intensiteit afgeneem en is die term “ras” al hoe meer gebruik om die verhoudinge tussen blank en nie-blank uit te spel.

Die eerste fisiese skeidingsmaatreël tussen die Europese aankomelinge van 1652 en die binnelandse bewoners aan die suidpunt van Afrika was die aanplant van ‘n laning bitter amandelbome, brame en steekdorings, ter afbakening en beskerming van die grond aan die Liesbeekrivier wat in 1657 vir landboubeoefening aan ‘n aantal vryburgers toegeken is. Van meet af aan het onderskeidings tussen groepe, met onderskeie regstatus en waarbinne klas en ras ten nouste gekorreleer het, ‘n maatskaplike struktuur daargestel en ondersteun wat as stimulus gedien het vir blanke heerskappy.¹ Oor eeue heen het die patroon van rassesekeiding en die gepaardgaande ideologie van blanke heerskappy ingewortel in die Suid-Afrikaanse samelewing, ‘n samelewingspatroon geword wat deur wetgewing en tot ‘n groot mate ook deur konvensie gereël is.

Vir deeglike begrip van die Potchefstromers se houding jeens hierdie kwessie moet onder meer teruggegryp word na die Calvinistiese grondslag waarop die Afrikanerbond laat in die 19de eeu onder invloed van ds SJ du Toit sy beslag gekry het, en wat weer gebaseer was op die program van die Anti-Revolutionêre Party van dr Abraham Kuyper in Nederland. Vanuit Calvinistiese benaderingshoek is as beginselstandpunt deur ds SJ du Toit ten opsigte van die naturellekwessie ontwikkel “dat die naturelle eie- of anderssoortig was, dus verskil het van die blankes, en dat die ‘publiek politiekeen regtelijken’ differensiasie in ooreenstemming was met “de van God gestelde en in de maatschappij erkende rangen en standen”. Ds du Toit het destyds al die naturellevraagstuk, synde dié van die naturellestamme wat onder eie hoofde gedeeltelik binne maar grotendeels buite die grense “en afgescheiden van onze maatschappelijke zamenleving” woonagtig was, as “de hoofdkwestie” van Suid-Afrika beskou.²



4.4.1

Ds SJ du Toit... het die naturellevraagstuk as “de hoofdkwestie” van Suid-Afrika beskou.

Die tradisionele differensiasiebeleid tussen wit en swart, soos dit veral in die voormalige twee Boererepublieke in swang was, is by die Vrede van Vereeniging in 1902 bestendig en het hierna deel gevorm van die beleidsrigtings van die Afrikaner georiënteerde partye Het Volk en Orania Unie. Die konsiliasiepolitiek van genls Botha en Smuts ná 1902 en veral ná Uniewording in 1910 is in sekere Afrikanerkringe beskou as ‘n wegbeweeg van die Afrikaner se Christelike en prinsipiële oortuigings en daar sou sterk stemme begin opgaan vir ‘n Calvinistiese Christelike staatkunde, met effek ook ten opsigte van die naturellebeleid.

Só het dr JD du Toit, seun van ds SJ du Toit, in 1910 in ‘n lesing getiteld “Het Calvinisme en ons volk” daarop gewys dat die Calvinisme, soos in die program van die Afrikanerbond aangedui, ‘n antwoord het vir die naturellevraagstuk “dat nog steeds zich boven de Afrikaanse vlaktes blyft verheffen als ‘n zwiigende **sfinx**, en zich donker aftekent op de achtergrond van ‘n wasige, nog verre toekomst”.³ *De Jonge Calvinist*, as mondstuk van die Teologiese Skool, het in 1911 besliste sieninge oor die naturellekwessie openbaar, onder meer om die naturel sy eie gang te laat gaan en, as hy daarvoor die aanleg het, hom natuurlik te laat ontwikkel. Godsdien eis dat regverdig opgetree sal word, sonder om onnatuurlik te wees en die naturel gelyk te stel met die blankes. Hierin is die blad gesteun deur *Die Hervormer*, mondstuk van die Hervormde Kerk, wat gesê het dat gelykheid voor God nie die aparte bestaan van verskillende rasse verhoed nie.⁴




In sy doktorsale studie toon JJ van Tonder aan hoedat genl JBM Hertzog in velerlei opsigte na 1910 die vertolker was van die beginsels en ideale van onder meer die verskillende Calvinistiese mondstukke van die tyd, onder meer dié vanuit Potchefstroom: *Fac et Spera*, *De Jonge Calvinist* en *Veritas Vincet*. Daar het ook tussen Hertzog en ds Willem Postma (alias “Dr O’Kulis”) baie noue bande bestaan het. Hy kom dan tot die gevolgtrekking “dat die Calvinistiese Christelike-nasionale rigting ná 1910 geleidelik weer sterker na vore getree het en dat hul siening van die natuurelvraagstuk, soos by S.J. du Toit, onlosmaaklik gekoppel was aan dié lewens- en wêreldbeskouing en daaruit voortvloeiende erkenning van die eiesoortigheid van die natuur. Daarom is die klem laat val op die grondreël dat die natuurlike in staat gestel moet word om grotendeels apart en volgens hulle eie aard en vermoëns te bestaan en te ontwikkel.” Daarnaas het gegeld die eis van geregtigheid/regverdigheid, die eis en behoefte aan selfhandhawing van die blanke en sy beskawing en dan ook die noodsaak van voorgedyskap teenoor die onontwikkelde natuurlike.⁵

Irving Hexham maak veel daarvan dat die woord “apartheid” sy ontstaan op die Potchefstroomse kampus gehad het. Volgens hom het die ideologie van Calvinisme met die sosiale werklikhede van Suid-Afrika in interaksie getree en het dit intellektuele reverdiging, gebaseer op sterk religieuse gronde, vir baie Afrikaners se houding jeens die rassevraagstuk (wit/swart verhoudinge) gebied. Hierdie intellektuele regverdiging is gewortel in Groen van Prinsterer se motto “In isolasie lê ons sterkte” en is vroeg in die twintigste eeu deur Gereformeerdes soos Willem Postma, JD du Toit en andere op die verhoudinge ten opsigte van die gekleurde rasse toegepas.⁶

Daardie ywerige politieke meningvormer in Gereformeerde kringe en hoog gewaardeerde oudstudent van die Teologiese Skool, ds Willem Postma, het reeds in 1907 ‘n pleidooi gelewer dat swart volkere hul eie gebiede sou kry, ten einde eie skole, kerke, tronke, parlamente en universiteite op te rig. Twee jaar later is dr JD du Toit, bestem om kort hierna deel van die wordende PUK opset te word, skerp krities oor Engelse inmenging in die hantering van Suid-Afrika se rassevraagstuk.⁷

Hexham fouteer egter deur ‘n uitspraak van prof Jan Kamp in 1913, waarin Kamp die Calvinistiese aanhangers se beleid as “apartheid” beskryf, as synde op hulle siening oor verhoudinge tussen wit en swart van toepassing te maak.⁸ In die betrokke toespraak, gelewer tydens die negentiende herdenking van die stigting van Korps Veritas Vincet, het Kamp die vraag “Betekenen wij iets?” eerstens aan die breër Afrikaans-Calvinistiese volksgroep en tweedens aan die Teologiese Skool gerig. Kamp het erken, maar



4.4.2

Ds Willem Postma, dr JD du Toit - vroeë stemme oor die vraagstuk



4.4.3

Prof Jan Kamp - eerste verwysing na “apartheid”, maar bedoelende die Calvinistiese lewensgedagte

inderdaad ook daarmee gespog “dat er een grote mate van apartheid **aan** en **bij**, **in** en **om** ons is”, dat daar ‘n geheel eie lewensgedagte by hulle vaardig is, te wete die Calvinistiese lewensgedagte. Ter illustrasie, en om toeligting te gee oor “De Doppers in de politiek” (opskrif van artikel met uittreksels uit sy toespraak, in *De Jonge Calvinist*), het Kamp verwys na genl Hertzog wat in hierdie tyd met die Botha regering gebreek en “apart ... heeltemal apart” gaan staan het.⁹

Dat genl Hertzog, in lyn met die beleid wat in die voormalige republieke vaardig was, reeds in 1903 skeiding tussen die blanke en gekleurde rasse in ‘n brief aan ‘n vriend bepleit het, sou later met akklamasie vanuit Potchefstroom ondersteun word. Die blad *De Jonge Calvinist* het betoog dat gelykheid tot vermenging en vermenging tot ondergang van die Afrikaner sou lei. Maar die blad is ook gekant teen vermenging met wat bestempel is as die Engelse “ras”, wat met sy geskiedenis van eeue en eeue se nasionale ontwikkeling “onze nog jonge rasse-kracht” kon oorweldig. Dit sal dwaasheid wees om sodanige skeiding deur wetgewing op te dwing, maar nou moet die teenoorgestelde ook nie gedoen word deur vermenging op te dring nie – soos met die skoolwet gedoen word. Vir die mense wat skeiding voorstaan, is dit ‘n kwessie van beskawing: “Het Kleurlingen-ras is ons te laag, en het Engelse ras is ons voorals nog te sterk, om er mee te vermenging.” En ook ‘n kwessie van aanspraak: “Het Hollands-Afrikaanse ras heeft de wereld van Zuid-



Arika voor de beschaving opengegooid en heeft er dus het volste recht op, zijn eigen ontwikkeling voort te zetten ...”¹⁰

Dat “apartheid” ten opsigte van Engelssprekendes darem nie ‘n saak van lewe en dood was nie – soos dit wel die geval was ten opsigte van swart mense – blyk uit die volgende opmerking: “Ons stem tog ook maar op sijn best vir ‘n mak-Engelsman wat so dink soos ons ... Laat die Engelse op hulle manier en volgens hulle tradisies die heil van Suid-Afrika perbeer uitwerk, en laat die Afrikaners dieselfde van hulle kant op hulle manier doen. Dan kom daar kompetisie, ‘n gesonde beginsel strijd.”¹¹

Om by implikasie die “Doppers” en die Potchefstromers as die “vaders” van die paaiboelie “apartheid” te etiketteer, is ietwat dik vir ‘n daalder. Ook daardie groot kenner van die Suid-Afrikaanse geskiedenis en ekspert op die gebied van die verhoudinge tussen wit en swart, Gerrit J Schutte, meen dat Hexham fouteer deur die geskiedenis van apartheid tot ‘n eksklusiewe Potchefstroomse aangeleentheid te reduceer, om die “Zuidafrikaanse gereformeerden, de conservatieve Doppers” te debiteer dat hulle “in de jaren na 1902 de mythe der apartheid creëerden en effectief propageeren”. Hy toon ook aan dat, hoewel van “Dopper”-kant belangrike bydraes tot die vormgewing van Afrikanernasionalisme gemaak is, hulle nie “erg veel succes” gehad het nie: “Niet de Potchefstromers, maar duidelijk anti-Kuyperiaanse nationalisten als Hertzog (die agnosticus was), Malan (die in de nadagen van de nationalistische ethische theologie in Utrecht had gestudeerd) en de Volksnationalisten hebben het zwaarste stempel op Afrikaner ideologie en Afrikaner politiek gezet.”¹²

Dat die Pukke-in-wording (die Teologiese Skool met sy Literariese Departement) ywerige ondersteuners was van die tradisionele Suid-Afrikaanse staatkundige en maatskaplike patroon van afsonderlikheid, ly egter geen twyfel nie. En dat ewe ywerig gepoog is om hul sieninge hieroor in wyer kringe en as landspolitiek aanvaarbaar te maak, staan ook soos ‘n paal bo water.

Segregasie tussen wit en swart het teen die helfte van die dekade dertig stewige beslag gekry in wetgewing wat deur die parlement aanvaar is en wat vergestaltung gegee het aan wat beskou is as genl Hertzog se segregasiebeleid, wat hy reeds sedert kort na sy bewindsaanvaarding in 1924 probeer deurvoer het. Enersyds was daar die Naturelle-Verteenwoordigingswet (Wet nr 12 van 1936), wat aparte stemreg aan swartes gegee het, met daarnaas die Naturelletrust- en Grondwet (Wet nr 18 van 1936), waardeur swartes se grond aansienlik uitgebrei is en wat op die grondslag van territoriale segregasie gebaseer was. Die byna eenparige stemming oor

eersgenoemde wet (168 vir, 11 teen) en die feit dat die vernaamste teenstand teen die tweede wet gekom het van diegene (Nasionaliste) wat gemeen het dat te veel grond afgestaan word maar dit oor die beginsel roerend eens was,¹³ toon dat segregasie by die breë blankegemeenskap van die tyd die aanvaarde konsep vir ‘n oplossing van die rassevraagstuk was. Oor die implementering daarvan was daar wel uiteenlopende standpunte.

Teen hierdie agtergrond moet PUK-uitsprake oor en sieninge van die rassevraagstuk in berekening gebring word.

4.4.2 Sporadiese en vroeë uitinge oor rassevraagstuk

Dat die verhouding tussen die verskillende rasgroepe of bevolkingselemente (anders as dié tussen Engels- en Afrikaanssprekendes) darem nie heeltemal buite die verwysingsraamwerk van die ontwikkelende universiteit gebly het nie, blyk daaruit dat reeds in Maart 1898 ‘n voordrag oor “The Coloured People of the Country” deur C Pretorius gelewer is. Dit was skynbaar van soveel belang dat daaraan ‘n plek in die argief van die Studente Letterkundige Vereniging (SLV) toegeken is.¹⁴

In Maart 1908 neem L Zerwick die “Asiatic Problem” as besprekingstema by ‘n byeenkoms van die SLV en in Oktober behandel P Bingle “Native Education” tydens ‘n soortgelyke byeenkoms. Vroeg in 1911 figureer die Asiatiese vraagstuk en “Huwelik tussen blanken & gekleurden” in die jaarprogram van genoemde vereniging.¹⁵ Geen besonderhede oor die inhoud en impak van hierdie voordragte word egter verskaf nie, maar die blote feit dat dit behandel is, dui minstens op ‘n ontluikende bewussyn rakende hierdie kwessies.

Ds Willem Postma se sterk rigtinggewende sieninge en JD du Toit se kritiek op Britse inmenging in die hantering van die rasseprobleem is reeds bo genoem. Beide Postma en Du Toit was van die vernaamste meningsvormers in die Teologiese Skool/Literariese Departement opset.

In 1911 vestig die studenteblyd *Fac et Spera* die aandag op verskeie aspekte van rasseverhoudinge. Eerstens word instemming betoon met ‘n hofbeslissing teen ‘n aansoek om ‘n kind uit ‘n gemengde huwelik te Keimoes in die openbare skool te akkomodeer en word die blanke man “wat hom so verlaag het om met ‘n gekleurde vrou te trouw”, skerp veroordeel. Na aanleiding van ‘n hofsak te Umtali, oor aanranding deur ‘n swart man op ‘n wit vrou, word gevoel dat dit hoog tyd is “om die naturel op die plek te sit, waar hij thuis hoort”. Derdens word boikotbewegings teen




Indiërs as prysenswaardig beskryf: “Dis veelal deur toedoen van Afrikaners dat die koelie so vooruitgaan en menige blanke winkelier agteruit sit. Dis ‘n skande en daar moet ‘n end aan kom. Hier in Potchefstroom gaat dit erg genoeg toe. Viral met Nagmaal van die drie Hollandse kerke. Ondersteun jou mede-Afrikaner en laat die koelie vaar met s’n goedkope en nie goeie maar slegte koeliestof.”¹⁶

Met Hertzog se weglating uit die Botha-kabinet kort hierna en die daaropvolgende politieke woelinge, die uitbreek en langdurigheid van die Tweede Wêreldoorlog, met al die drama wat dit op die binnelandse politiek in Suid-Afrika tot gevolg gehad het, het die vraagstuk rondom wit/swart verhoudinge vir ‘n tyd lank ietwat op die agtergrond geskuif. Op Potchefstroom het die posisionering ten opsigte van ingrypende nuwe verwickelinge op die gebied van hoër onderwys in Suid-Afrika boonop die denke en dade van die manne aan die stuur van sake oorheers. Wat die studente betref, was die uitlewing van hul Afrikanerskap, bevordering van die Afrikaanse taal en interne konkurrensie rondom studentestrukture weer die dinge wat hul aandag in beslag geneem het.

In die vroeë twintigerjare het die kwessie weer in PUK-verband aandag begin kry. Tydens ‘n Korpsbyeenkoms in Augustus 1923 het student A Juyn ‘n oorsig gegee van die Britse naturelle-politiek in soverre dit die Suid-Afrikaanse Republiek in sy uitbreiding en ontwikkeling gestrem het. In Junie 1924 weer vind daar ‘n debat of “disputasie” in Korpsgeledere plaas oor die vraag of naturelle-onderwys in Suid-Afrika wenslik is of nie¹⁷ en in Augustus dieselfde jaar tree lektor GTS Eiselen op met ‘n lesing “Die Rasse van die mensdom met spesiale inagneming v.d. Afrikaanse Inboorlinge”. Eiselen het onder meer aandag gegee aan definisies van ras en volk, aan rassebiologie en die taak van die antropologie “as eksakte wetenskap by uitnemendheid en die verband met ander takke van die wetenskap”. Verskeie persone het deelgeneem aan die bespreking “waaruit blyk dat die nuwe wetenskaplike stof deur die spreker behandel vrugbaar was in die opening van nuwe gesigspunte”.¹⁸

Die rassevraagstuk het veral sedert die bewindsaanvaarding van Hertzog se Pakt-regering in 1924 vierkantig in die politieke arena beland, veral namate meer en meer maatreëls ter bestendiging en uitbouing van die segregasiebeleid van owerheidsweë geïmplementeer is. Net soos die Potchefstroomse akademici, vir sover dit die breë politieke rigting van die land betref, hul gewig vanaf 1914 oorwegend agter Hertzog en sy Nasionale Party ingegooi het, het hulle ook hul ondersteuning gegee aan sy segregasiebeleid. Ook in hierdie saak was dit nie, soos prof Jan Kamp dit gestel het, blinde, onvoorwaardelike navolging nie, maar ondersteuning gebaseer op oorwoë prinsipiële



4.4.4

GTS Eiselen ... “Nuwe wetenskaplike stof ... nuwe gesigspunte”.

begroning. In hierdie opsig was dit veral ‘n man soos L.J. du Plessis wat deurlopend die stem van Potchefstroom hoorbaar gemaak het.

So byvoorbeeld het Du Plessis in 1929 ‘n Gereformeerde uitleg van die naturellevraagstuk gegee en wel na aanleiding van wat hy bestempel het as “begryplike onkunde” by Europeane in die algemeen en in Nederlandse Gereformeerde kringe. Hy verwys spesifiek na kritiek wat prof V Hepp gelewer het op besprekings tydens ‘n Suid-Afrikaanse Calvinistiese konferensie.

Dat die Suid-Afrikaanse standpunt, dit wil sê segregasie, in ooreenstemming is met die Gereformeerde beginsels in maatskappy en staat word histories gestaaf deur die feit dat dit ontwikkel is “deur die strenge Calviniste in bewuste antitese tot die uitheemse gelykmakingsproses van piëtistiese en rewolusionêre oorsprong”. Dit is ook prinsipiël so, met as grondbeginsel “die ongelykheid van die mense en die deur God verordeneerde skeidinglyne tussen die rasse, en meer bepaaldelik die meerderwaardigheid van die Christelike beskawing in vergelyking met die heidense barbarisme van die S. Afrikaanse naturelle-bevolking”. Uit laasgenoemde vloei voort ‘n natuurlike voogdy oor die inboorlingbevolking “totdat laasgenoemde bekwaam sou word om oor hul eie lot te beskik”. Du Plessis borduur voort: “Die duidelike skeidingslyn tussen die Europese ras en die Bantoe-ras van Afrika is van Calvinistiese standpunt ‘n produk van die goddelike voorsienigheid, soos geopenbaar in die geskiedenis vanaf die Babelse spraakverwarring. Dit is die beginsel van nasionalisme in gesonde sin ... en daardeur word vereis die suiwer bewaring van die rastiepes wat deur



4.4 PUK en die rasse- of kleurvraagstuk: “Die grootste probleem in ons land”

God gestempel is. Hieruit volg in ons geval naas die voogdy van die blankes die eis van maatskaplik-politieke afskeiding.”

Hierdie beleid word ook geregverdig deur “die verpligting om die Christelike beskawing in Afrika te handhaaf”. Gelykstelling sal die oorwig (mag) oordra na die veel groter in getal swartes en vermenging sal die bevolking se karakter in ongunstige rigting verander en in albei gevalle sal die Christelike beskawing in Suid-Afrika gedoem wees, “wat ‘n ramp sal wees nie alleen vir die bestaande Christendom en die Westerse beskawing nie, maar ook vir die natuurlike-bevolking self”.

Du Plessis bestempel die teenstanders se standpunte as in stryd met gereformeerde beginsels. Die leer van die gelykheid van alle mense is revolusionêr, terwyl die piëtistiese beroep op eenheid in Christus volgens gereformeerde opvatting op die terrein van die besondere genade val en nie die maatskaplik-politieke teenstelling ophef nie.

Hy wys egter daarop “dat die aangeduide beginsels geensins uitsluit dat die natuurlike-bevolking in hulle voorlopige ondergeskiktheid en in hulle afsondering tog vanweë die blanke bevolking geleidelik gekersten, beskaaf en opgehef sal word nie. Intendeel die eigelike natuurlike-probleem is op die oomblik dit, naamlik hoe om die natuurlike-bevolking volle geleentheid te gee vir godsdienstig-kulturele en ekonomies-staatskundige ontwikkeling volgens hul eie aard en hul aanleg sonder om die Christelike beskawing wat in Suid-Afrika nog verbind is aan die suiwerheid en die oorwig van die blanke bevolking in gevaar te bring? Of anders gestel: Hoe om beide vernaamste bevolkingselemente vrye baan te gee vir selfontploffing sonder ‘n dodelike kompetisie te ontken?”

Die probleem word, volgens Du Plessis, verder bemoeilik deur die aanwesigheid van ‘n belangrike Hindoeïstiese Indiërbevolking en ‘n gemengde bevolkingsgroep in die suide, gedeeltelik Mohammedaans en gedeeltelik Christelik. En dan, die slotsom: “Die blanke bevolking in Suid-Afrika het ‘n ontsettende taak. Op hulle rus miskien selfs die roeping om Afrika vir die Christelike beskawing op te eis teenoor die Fetisjisme van Sentraal-Afrika, die Mohammedanisme van Noord-Afrika en die Spiritualisme van Indië. Hier pas dit ons Nederlandse broeders nie om te veroordeel nie, maar liever om te steun met simpatie en gebed.”

4.4.3 As studierigting en studiekring

In sy deeglike studie oor die geskiedenis van die Universiteit van Witwatersrand wys BK Murray daarop dat daar aanvanklik, sedert die ontstaan van verskeie universitêre inrigtings in die laat tienderjare,

weinig aandag op die breë universitêre vlak aan die rassekwessie as studierigting gegee is.¹⁹ In die dertigerjare het daar egter ‘n drastiese verandering ingetree. Teen 1933 het vier van die vyf selfstandige Suid-Afrikaanse universiteite, t.w. die Universiteit van Suid-Afrika, Stellenbosch, Kaapstad, Pretoria en Witwatersrand, departemente vir Bantoestudies gehad.

Sekere universitêre inrigtings het ‘n breër siening van die Suid-Afrikaanse samelewing aan die dag gelê as andere, deurdat hulle ook aan die nie-blankes ‘n plek en rol daarin toegeken het. ‘n Studentevereniging soos NUSAS (Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente) en Bantoestudiekringe aan verskeie universiteite het verder gehelp om die “vraagstuk” onder die aandag te bring.

Besiel met die ideaal van breë Suid-Afrikaanse nasionalisme, het hierdie konsep aan die Universiteit van Kaapstad aanvanklik ook bloot net die blanke bevolking van die land, die Engels- en Afrikaanssprekendes, omvat. In die vroeë twintigerjare was die Raad van UK ook maar baie huiwerig om anderskleurige studente te akkommodeer, omdat dit byvoorbeeld veral in die mediese of kunsterigting noodwendig fisiese kontak sou meebring. Teen 1929 het slegs vyf anderskleuriges hul grade aan hierdie inrigting behaal, “but it is clear that they kept very much to themselves, avoiding all potentially embarrassing social contact with fellow-students”.²⁰

Teen die laat dertigerjare was daar ongeveer 40 gekleurde studente aan UK maar, soos een van dié studente dit gestel het, is hulle hoogstens teensinnig verdra (“At best we were grudgingly tolerated”). Hulle kon nie eens aan jool en intervarsities deelneem nie. Die UK-Studenteraad het hom ook uitgespreek teen deelname van anderskleurige studente aan sosiale aktiwiteite tydens NUSAS-konferensies, terwyl die onvoorwaardelike toelating van nie-blankes tot die universiteit, as debatspunt in ‘n kampusdebat in 1937, die onderspit gedelf het. Rektor Beattie het op sy beurt gevoel dat rekening gehou moet word met die sterk kleurvooroordeel in Suid-Afrika; vandaar dat hy self ook nie afkeurig was van die destydse gedagte van ‘n aparte universiteitskollege vir kleurlinge nie.²¹

Die Bantoe Studiekring van UK, wat in 1928 tot stand gekom het, het aanvanklik ‘n lae profiel vertoon, maar in die vroeë dertigerjare aanvaarde blanke opvattinge geskok deur swartes op die byeenkomste op die kampus te laat optree. Nie alleen het Afrikaanssprekende studente hulle ontuis gevoel in die oorwegend Engelse kultuuroopset nie, maar die aanwesigheid en toleransie van anderskleuriges het, soos een student dit gestel het, teen hulle lewensopvattinge ingedruis.²²



Die Universiteit van die Witwatersrand maak daarop aanspraak dat hy op die voorpunt van die liberale denke in hierdie verband gestaan het.²³ Ten tye van die afsplitsing van die Afrikaanse universiteite in die vroeë en middel dertigerjare het verskeie invloedryke liberale studente op die voorgrond begin tree en het radikale sosialistiese en kommunisties-georiënteerde groeperings hulle op die kampus ingegrawe. Van die verklaarde Universiteitsbeleid om brûe tussen Afrikaans- en Engelssprekende studente te bou was daar nie veel sprake nie.²⁴

By die Universiteit van Stellenbosch is die behoefte aan 'n leerstoel in Bantoetale reeds in 1918 aangevoel, maar Bantologie oftewel Bantostudies is eers vanaf 1926 aldaar gedoseer. Teen 1940 was 'n Bantostudiekring ook reeds stewig gevestig, eerstens om studie te bevorder maar ook om aktuele en prikkelende lesings oor die tema aan te bied.²⁵ Anderskleuriges, soos later na diegene wat nie as blank deurgaans nie verwys sou word, was op die oog af nie 'n faktor vir sover dit toelating as studente betref nie.

Aan die Universiteit van Pretoria is vakke oor Bantoe-aangeleenthede reeds sedert 1923 deur bemoeiing van prof Edgar Brookes aangebied, en het 'n departement van Bantostudies dan ook die volgende jaar tot stand gekom. 'n Bantostudiekring het reeds in 1928 sy beslag gekry, onder beskerming van NUSAS. Dié studiekring het sy werksaamhede begin met 'n “gelykevoetskonferensie” met prominente swartmense van die stad. In 1932 het 'n soortgelyke vereniging aan die buitemuurse afdeling ontstaan. Nadat die binnemuurse afdeling van NUSAS weggebreek het, het die twee verenigings die Bantoe-studievereniging onder beskerming van die ANS gevorm.²⁶ Ook hier figureer anderskleuriges nie as studente op die kampus nie.

In Augustus 1925 is 'n Naturellevraagstuk Studiekring aan Grey Universiteitskollege (GUK) gestig, “om een van die grootste probleme van ons land – die Naturelle Vraagstuk – te bestudeer” en om te ywer vir 'n leerstoel aan die plaaslike universiteitskollege. Teen die einde van 1926 is reeds twee lesings gehou, oor die Kaapse stemregkwessie en oor Hertzog se naturellebeleid en is dit duidelik uitgespel: “If our Colleges are to be 'national institutions', they must give lead to those minds burning midnight oil to keep South Africa for the white man”. As uitvloeisel van die GUK-inisiatief het NUSAS self ook in 1927 'n Bantostudie Departement in die lewe geroep en met Gert Badenhorst van GUK as sekretaris, is onder meer die Universiteit van Stellenbosch, NUK en PUK aangemoedig om dieselfde te doen.²⁷ Teen 1934 het sodanige studiekeringe wel te Kaapstad, Stellenbosch, Pretoria, Witwatersrand, Pietermaritzburg, Bloemfontein en Grahamstad bestaan en was vooruitsigte dat sodanige klubs ook nog daardie jaar te Durban en Wellington tot stand sou

kom. Die jaar daarna, in 1935, het 'n Bantoe Studiekring ook sy verskyning aan die PUK gemaak. Met prof LJ du Plessis as inspirasie, het hierdie studiekekring mooi vordering gemaak maar dit is skynbaar aan die begin van die veertigerjare getermineer.²⁸

Dit is egter nie te sê dat die vraagstuk nie voorheen tot die Pukke gespreek het nie. By die opening van die kollege na die Julie-vakansie 1925 het lektor LJ du Plessis die naturellevraagstuk, wat op daardie stadium fel in die kollig van politieke en kerklike vergaderinge en ook die pers was, as “hierdie allergewigtigste politieke probleem van Suid-Afrika” bestempel. Daar was groot afwagting op premier Hertzog se voorgenome aanpak van die probleem. En 'n vlugtige kennismaking met die pasverskene “monumentale werk” van prof Edgar Brookes, “The history of native policy in South Africa”, kon, volgens Du Plessis, nuwe lig werp op “die donker pad wat hier vir ons voorlê”. Wat Brookes aanbied, is “die vereiste aanpassing van die segregasie-ideaal aan die onvermydelike praktyk, sonder verloëning van die ideaal egter”. Nee, meer nog: Brookes bepleit die Calvinistiese grondbeginsel van gedifferensieerde ontwikkeling van die naturel in aansluiting by sy aanleg en ter beveiliging van die spesifieke Europees-Afrikaanse materiële en kulturele belange, in teenstelling met “die Engels-piëtistiese gelykstellingspolitiek en die Afrikaans-materialistiese repressie-politiek”.²⁹

Na aanleiding van agitasies en onrus onder swartes, onder invloed van die Mohammedanisme en die Bolsjeviste, oor die voorgenoemde implementering van Hertzog se beleid, het Hugo du Plessis, LJ se broer, in Maart 1926 ondersteuning gevra vir “die groot meesterlike staatsgreep” van Hertzog, naamlik differensiasie en segregasie, wat altyd die politiek van die land was.³⁰

Anders as by die ander drie Afrikaanstalige universiteite, het dit aan die PUK maar sukkel-sukkel gegaan met die aanbieding van Bantoetale as vak. Die eerste poging hiertoe was reeds in 1927, toe LJ du Plessis 'n versoek in dier voege gerig het, as deel van 'n nuwe B Ekon-kursus (op eerstejaarsvlak). Hierdie versoek het egter in Maart 1928 verval “aangesien dit nie meer op die oomblik nodig is nie”.³¹ In die Maart-uitgawe 1936 van die studente se kwartaalblad *Die Besembos*, word met instemming verwys na die feit dat Bantoetale nou ook aan die PUK doseer word en wel deur prof Eiselen.³² Skynbaar het hierdie lofwaardige poging net daar ook in die sand geloop.³³

Einde 1936 is dit weer Du Plessis wat die saak aanroer. In die eerste uitgawe van die oudstudenteblad *Die Veteraan* (Desember 1936), lewer prof LJ du Plessis 'n kort bydrae onder opskrif “Die studie van staat, reg en ras aan die P.U.K.”. Hy maak sterk voorbrand vir



‘n studie van Bantoeistiek of Afrikanistiek, synde nodig “vir diepgaande kennis van Suid-Afrika en sy bevolking en veral vir wetenskaplike uitwerking van die Afrikaanse standpunt in verband met rasverhoudinge”.

Du Plessis se verdere motivering toon duidelik die destyds gangbare Afrikanerdenke rondom die vraagstuk: “Dit is ‘n onheilspellende feit dat die grootste Universiteite in ons land in hierdie saak ‘n definitief liberalistiese standpunt inneem wat moet lei tot rasvermenging of ‘n dodelike rassebotsing. En selfs die kleiner Afrikaanse universiteite wat ‘n gesonder beginsel huldig, mis die regte grondslag daarby wat gegee is in ons Calvinistiese lewensbeskouing, waarvolgens die segregasie beleid nie net beheers word deur die strewe na selfbehoud nie, maar allereers deur die goddelike gebod wat selfliefde en anderliefde versoen in ‘n gesonde samelewingsreëling.”³⁴ Kort hierna is verneem dat ‘n Interuniversitêre Komitee vir Studies in Afrikanistiek fondse beskikbaar gestel het vir navorsing op die gebied van tale en kulture van Afrika.³⁵

In die notuleboek van die komitee vir Inwendige Beheer word ‘n verwysing aangetref na die instelling van Bantoeistudies teen die einde van 1937, naamlik “Die getroffe reëlins word aanbeveel”.³⁶ Op 23 Februarie 1938 word genotuleer dat ses studente vir die kursus aangemeld het en dat prof Eiselen die kolleges sal waarneem.³⁷ Eiselen het in die loop van 1938 egter met studieverlof na Duitsland vertrek en sou eers weer aan die begin van 1940 sy werk aan die PUK hervat, sodat ook van hierdie inisiatief nie iets blywends gekom het nie.

Hoe presies sake hierna verloop het, is nie duidelik nie maar die ideaal van ‘n departement van Bantoeistiek het eers in 1946 finaal werklikheid geword.³⁸ “Om die naturel te verstaan, is allereers nodig ‘n grondige kennis van sy taal”, het *Die Veteraan* hierdie nuwe kursus verwelkom.³⁹

Die instelling van hierdie departement was ook net betyds, want vroeg in Augustus 1946 dring die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie by Afrikaanse universiteite daarop aan “dat hulle hulle sal toespits om rasseprobleme in Suid-Afrika noukeurig te bestudeer, ten einde die studerende jeug voor te berei en die probleme die hoof te kan bied, met inagneming van die beskerming van die Christelike beginsels van die Boerevolk.” Die PUK het met dankbaarheid en waardering hiervan kennis geneem en die federasie verwittig “in hoeverre hierdie Inrigting reeds in die gees van die besluit arbei”.⁴⁰


4.4.4 NUSAS, ANS, PANSO en ASB

Op studentevlak het die rassevraagstuk heelwat aandag geniet en tot heelwat woelinge aanleiding gegee.

In Julie 1924 het GF (Frikkie) Robbertse die PUK verteenwoordig op die stigtingskonferensie van die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) in Bloemfontein en word hy daarmee stigterslid van ‘n vereniging wat hom ten doel stel om die opvoedkundige en sosiale belange van studente te bevorder ongeag alle godsdienstige of politieke propaganda. Hy is ook deel van, en ervaar aan eie lyf die gees en sentimente betreffende volkere- en menseverhoudinge deur die oë van die land se studente-leiers.⁴¹

In die redaksionele artikel van die eerste uitgawe van die vereniging se mondstuk, *N.U.S.A.S.*, word gewys op die behoefte “aan ‘n groter eenheid van dink en voel en van gevolglike handeling onder die blanke bevolking van ons land”, in ‘n strewe na “nasionale eensgesindheid en vrede”. Maar daar is ook ‘n artikel van ‘n student van Natal Universiteitskollege (NUK), oor “The Asiatic Menace”. Van binne was die gevaar dat die Asiaat die Europeaan sou “undersell and underlive”; van buite dat Afrika en Suid-Afrika onder Indiese beheer sou kom. “It would be the greatest possible dereliction of the duty we owe to our European country men, and a violation to our obligations to the native races, to allow Africa to come under Indian influence”, was hierdie student vanuit Natal se mening. AS (Alan) Paton (NUK) het, in ‘n verslag oor ‘n Studente Rykskonferensie wat hy in 1924 in Brittanje bygewoon het, gerapporteer dat die naturelle- en Asiatiese probleme baie aandag gekry het.

Of meer daarin gelees kan word as synde blote debatspunte, is nie duidelik nie, maar ‘n aantal insiggewende temas is voorgelê vir ‘n beplande toer van ‘n Britse Universiteits debatspan na Suid-Afrika, onder beskerming van NUSAS. Deur die PUK is voorgestel: “That a policy of equality with regard to the Native is desirable”; terwyl NUK aan die hand gedoen het: “Native segregation is in the interests of the people of South Africa”. Rhodes se voorstel was: “That the white man’s civilisation is endangered by the progress of the coloured race” met Stellenbosch se tema: “That the European colonisation of Africa has been detrimental to the interests of the Native”.⁴² Die temas toon dat die studentegemeenskap van Suid-Afrika destyds bereid was om gesprek te voer oor aspekte van die vraagstuk(ke) rakende die ordening van die Suid-Afrikaanse samelewing. Inmiddels het die Afrikaanse Studentebond (ASB) teen September 1927 ook al reeds twee skynparlementsittings gehou waartydens Hertzog se naturelle wetgewing onder die loep geneem is.⁴³



4.4.5

NUSAS 1924

In die eerste uitgawe van *N.U.S.A.S.* het prof CGS de Villiers, professor in Soölogie aan die Universiteit, 'n ernstige pleidooi gelewer vir die bestudering van antropologie as universiteitsvak.⁴⁴ Hierdie vereniging sou inderdaad veel doen om die erns van hierdie probleem by die studerende jeug tuis te bring.

In 1931 rapporteer die NUSAS-mondstuk oor 'n kwessie waarmee die PUK ook in die afsienbare toekoms te doen sou kry: weiering van die Universiteit van Pretoria om 'n swart student toelating te verleen. In 'n artikel in *N.U.S.A.S.* het JJ Pieterse (UP) sy stem hieroor behoorlik dik gemaak en dringende aandag vir die saak gevra: as hulle dan nie aan blanke universiteite opgelei kan word nie, behoort so gou moontlik op een of ander wyse vir hulle die nodige fasiliteite geskep te word – in belang van 'n vreedsame Suid-Afrika, sonder 'n dreigende Swart Gevaar.⁴⁵

In Julie 1930 vind wat bestempel is as die “gelykevoetskonferensie” te Fort Hare plaas, gereël deur die Christen Studentevereniging “met die doel,

nie om die rassprobleem op te los nie, maar om intelligente jong mense van albei rasse in staat te stel om mekaar te ontmoet en sake te bespreek”. Wat daar gebeur het, noep prof Edgar Brookes om agterna uit te roep: “Die vuur van liberalisme brand hoog!” Die voorsitter van die konferensie, mnr Francis Muller, het op sy beurt verwys na die “momentous changes” wat afgevaardigdes in hul sieninge ervaar het.⁴⁶

Die opspraak wat die konferensie verwek het, en die skerp kritiek wat daarteen uitgespreek is, het die hoofbestuur van NUSAS genoop om 'n amptelike verklaring uit te reik waarvolgens die liggaam geen verantwoordelikheid neem vir wat daar gesê is nie. Daar is bloot net gevoel dat dit sy plig was om, op uitnodiging, vyftig blanke studente as verteenwoordigers daarheen te stuur. Volgens RM de Villiers, sekretaris van NUSAS se Bantoe Studie Departement, het besluite van verantwoordelike liggame en kritiek in die pers getoon “dat 'n deel van die volk nou op die Fort Hare-konferensie neersien as 'n betreurenswaardige gebeurtenis”.⁴⁷

Op die PUK-kampus het die konferensie nie goed afgegaan nie. Onder die opskrif “Protes uit Potchefstroom” het J Albert Coetzee die konferensie bestempel as “eenvoudig ‘n uiting van die ingevoerde gees van dr. Philip e.a., die gees van gelykheid en non-differensiasie, die gees waarmee in direkte teenstelling staan ons inheemse beginsel van differensiasie en segregasie”. Hy het ook sterk beswaar gemaak teen die aanprysing van die gees en verrigtinge tydens die konferensie in ‘n redaksiekolom van *N.U.S.A.S.* As die liberalisme wat daaruit straal, deurgevoer moet word, “kan ons ons blanke beskawing maar vaarwel sê”.⁴⁸

Verwysende na die “baie lawaai” wat in die pers gemaak is oor gebeure tydens die konferensie, sluit die studenteblyd *Die Besembos* se redaksionele artikel by Coetzee aan en word dit as “bepaald sorgwekkend” bestempel indien dit die heersende gees onder toekomstige leiers van Suid-Afrika is. ‘n Vergelyking word getref met die politiek van die Londense Sendinggenootskap in die negentiende eeu, “wat bepaald nie ‘n heilsame uitwerking gehad (het) nie en allermens gelei (het) tot ‘n beter verstandhouding tussen die twee rasse ... veeleer ‘n oorsaak as oplossing van onderlinge geskille”.

PUK-studentdenke oor die vraagstuk, soos vertolk deur die studentekoerant, sien só daar uit: “Die natuurlevraagstuk behels ‘n gevaar vir die voortbestaan van die witman in Suid-Afrika, en die oplossing van die probleem lê daarin dat die toekoms van beide rasse in Suid-Afrika verseker sal wees. Die oplossing moet sodanig wees dat vooruitgang en ontwikkeling van die een nie ten koste van die ander sal wees nie.” Die blad bepleit ‘n deeglike, wetenskaplike studie van die saak “en nie ‘n ‘deurmekaarboerdery’ in hierdie Fort Hare-gees nie”, en haal ook lektor LJ du Plessis aan wat die grondoorsaak van die liberalisme onder die jeug by die opvoeding soek.⁴⁹

Ook *Zuid-Afrika*, die mondstuk van die NZAV, het kennis geneem van die polemieke rondom die Fort Hare konferensie en dit op tipies Hollandse wyse beskryf: “Zij aten met elkander en speelden met elkander – met het gevolg, dat de kranten vol stonden met opmerkingen over de bedenkelijke ‘saamboerdery’”. Gelukkig, sê die blad, was die besware nie gebaseer op die onbybelse opvatting, van Nederlandse oorsprong, van Gam se vervloeking deur Noag nie, “maar omdat het groote beginsel, dat in het Afrikaansche volk leeft ..., het beginsel der segregasie, hierdoor werd verloochend”.⁵⁰

Ongetwyfeld geïnspireer deur die Fort Hare gebeure, verskyn daar in April 1931 in *N.U.S.A.S.* ‘n bydrae deur J Albert Coetzee van die PUK oor die “twee grootste vraagstukke in Suid-Afrika”, naamlik die opbou van ‘n verenigde volk tot ‘n politieke-selfstandige nasie,

en die daarvan onlosmaaklike verhouding tot die natuurlikebevolking, onder die tema “Vryheid, Gelykheid en Segregasie”. Vir hom het dit hierop neergekom: “Ons besit ‘n demokratiese regeringstelsel, en met die ontwyfelbare ontwikkeling van die natuurlike sal mettertyd die beginsel van demokrasie, wat gegrond is op **meerderheid**, in botsing kom met die beginsel van blanke oppergesag. As die beginsel van demokrasie wen, dan sal die toekomstige verantwoordelike selfstandige staat ‘n natuurlike staat wees; as die tradisie van blanke oppergesag wen, sal die verantwoordelike selfstandige staat ‘n blanke staat wees.”

Die aanspraak van die tradisie van die blanke beskawing is, volgens Coetzee, groter as “die aan vele gebreke onderhewige beginsel van demokrasie wat maklik oorslaan in tirannie” en daarom moet as uitgangspunt geneem word die handhawing van blanke oppergesag. Hy kom tot die slotsom dat absolute afskeiding tussen blank en gekleurde weens ekonomiese en ander omstandighede onmoontlik is, maar net so absolute gelykheid – ook weens ekonomiese en ander omstandighede. Daar moet dus relatiewe gelykheid en relatiewe segregasie wees; gelykheid kan alleen in segregasie verkry word “omdat selfregering vir die natuur anders uitgesluit is”. Vir die res sien hy ‘n blanke Suid-Afrika met voogdyskap oor die natuurlikebevolking.⁵¹



4.4.6

J Albert Coetzee ... sien die toekoms as ‘n stryd tussen demokrasie en die “tradisie van blanke oppergesag”.



Met die Fort Hare-kwessie nog vars in die geheue, beredeneer JW Jansen van Ryssen ‘n jaar later die kwessie “Samesmelting of Segregasie?” en bevind dat samesmelting ‘n saak van onmoontlikheid is, nie uit vooroordeel nie maar op suiwer wetenskaplike gronde. Hy gaan dan in op individuele, maatskaplike en nasionaliteitsverskille, en op die verskille tussen Oosterlinge, Westerlinge en Suiderlinge (laasgenoemde synde die swartman of naturel). Die spreuk “East is East and West is West and never the twain shall meet”, kan ook van die blanke en die naturel gesê word. Europeanisering van die naturel is ‘n *contradictio in terminis*, in stryd met psigologiese wette: “Al ontwikkel die naturel nog vir 2000 jaar, ‘n witman sal hy nooit word nie.” Kulturele ontwikkeling kan hom nie ontsê word nie, maar hy ontwikkel volgens sy volkskarakter, “en in die toekoms sal hy op sy leer ewe hoog as die witman staan”. Daarom, sluit Van Ryssen af, moet daar segregasie wees – want die swartman het ook sy reg, en dis net daarin dat dit gehandhaaf kan word.⁵²

Einde Junie 1932 het die Raad van NUSAS te Potchefstroom vergader en is onder meer aandag gegee aan “die tekens van teenkating” teen NUSAS wat, volgens die president van die liggaam, by Afrikaanssprekende lede merkbaar is. Hy het gewaarsku dat ‘n breuk en die bestaan van twee aparte unies vir Afrikaans- en Engelssprekende studente noodlottig sou wees vir die Suid-Afrikaanse universiteitslewe. Daar is besluit dat die hoofbestuur dadelik met die beswaarde groepe moes skakel ten einde ‘n basis vir samewerking te soek.⁵³

Intussen het die Senaat van die PUK dit vroeg in 1932 nodig gevind om die studenteliggaam te waarsku teen bepaalde neigings wat in NUSAS na vore getree het.⁵⁴ Skynbaar het die nuwe redakteur van die studenteblyd nie gedeel in die sentimente van sy voorgangers nie en is in ‘n redaksionele artikel ietwat gal afgegaan oor “die wel geoorloofde, maar o.i. tog in hierdie saak ietwat seniele, besorgdheid waarmee die P.U.K.-Senaat die S.V.R. gewaarsku het teen die gevaar van lidmaatskap in N.U.S.A.S., en teen ongeoorloofde beperking van persoonlike gewetensvryheid van die P.U.K.-student ten opsigte van individuele lidmaatskap in N.U.S.A.S.”


Uittrede uit NUSAS sal, volgens die artikel, ‘n klap in die gesig van baie PUK-studente wees, “wat vanaf 1924 hul bes gedoen het om ons lig ook in N.U.S.A.S. te laat skyn, en tog seker met ‘n rein gewete kan verklaar dat hulle nie besoedeld daaruit gekom het nie”.

Baie beswaard omdat van owerheidsweë skynbaar gevra is vir die stemmingslyste van ‘n besluit om steeds lid van NUSAS te bly, het die redaksionele artikel gewaarsku dat die PUK weer in “volkome, selfvoldane isolasie, daargebring deur ‘n paar s.g. gekwete gewetens”, kan beland. Met ‘n stok kan aangevoel word dat die

by implikasie “ietwat seniele” Senaat aangespreek word: “Ons vrees vir gewetensbeswaring kan ook oordryf word, en ons vryheid kan ook die vorm van ongesonde individualisme en dwarstrekkigheid aanneem, waardeur die Afrikaanse volk en ook ons studenteoptrede al baie skade gely het. Nee, as ons ons dan wil isoleer, laat die P.U.K. dan maar weer die ou ‘Theos’-vorm aanneem; want as N.U.S.A.S. gevaarlik is vir ons studentebeginsels, dan is die Universiteit van S.A. ook ‘n gevaar vir ons Kollege-ideaal.”

En dan speel die skrywer (waarskynlik JL de Bruin, die redakteur), sy troefkaart en gooi prof SPE Boshoff se afskeidswoorde op die tafel: “Die P.U.K. moet leer om vriende te maak.”⁵⁵

Nadat die Universiteit van Suid-Afrika in 1932 formele erkenning aan Fort Hare as sentrum vir opleiding van studente vir hoër onderwys verleen het, het pleidooie begin opgaan dat Fort Hare nou ook as volwaardige lid van NUSAS opgeneem moes word.⁵⁶ Dit is nogal insiggewend – en ‘n goeie illustrasie van die tydsgees – dat die voorstel vir toelating van Fort Hare tot NUSAS geleedere eers na ‘n ontstuiptige vergadering op die UK kampus in beginsel aanvaar is, maar met die bepaling dat dit nie dadelik in werking gestel sal word nie.⁵⁷ In 1933 het die PUK se Studenteraad, saam met hul eweknie aan die Grey Universiteitskollege te Bloemfontein en die binnemuurse afdeling van die Universiteit van Pretoria, sy bande met NUSAS verbreek juis as gevolg van hierdie liggaam se “kleurloosheid en liberalistiese neigings”.⁵⁸ Die PUK-SVR se aanbeveling tot uittrede is eenparig deur ‘n studentevergadering aanvaar en in die hieropvolgende persverklaring word onder meer verwys na NUSAS se kleurloosheid wat maak dat hy byvoorbeeld nie leiding kan gee ten opsigte van “die poging tot inlywing van naturelle studente” nie.⁵⁹ Die uittredende studentegroepe het gevolglik oorgegaan tot die stigting van hul eie organisasie, die Afrikaanse Nasionale Studentevereniging (ANS).



4.4.7

JL de Bruin ... het vir NUSAS in bres getree en die “ietwat seniele besorgdheid” van die PUK-senaat gekritiseer.



4.4 PUK en die rasse- of kleurvraagstuk: “Die grootste probleem in ons land”

Stellenbosch het wel ‘n afvaardiging gestuur “om met hulle noordelike vriende te onderhandel”, maar hulle het die drie universiteite se uittrede uit NUSAS as oorhaastig bestempel en by monde van Ben Marais hul standpunt verantwoord. Kies hulle NUSAS, word hulle as nie-Afrikaans veroordeel; kies hulle die “oorhaastig gestigte” ANS, is hulle dislojaal teenoor NUSAS. Voorasnog het die Maties dus hul opsies oopgehou, in die hoop dat NUSAS sou hervorm, maar in 1936 het hulle ook hul kragte by die ander drie ingegooi.⁶⁰

Die stigting van die ANS word deur Murray toegeskryf aan ‘n verhoogde politieke bewussyn by Afrikanerstudente: “Assertive Afrikaner nationalism, together with a distrust of ‘liberal’ tendencies in N.U.S.A.S; provided the basis for the secessions and the formation of a purely Afrikaans student organisation.”

Boonop het daar in hierdie tyd “some articulate liberal students” by die Engelssprekende universiteite na vore getree en is NUSAS onder meer daarvan beskuldig dat dit te negrolisties is, deur “socialistic-international-minded Jews” op sleeptou geneem word. Interne sowel as internasionale woelinge in die dertigerjare het hierdie liberale rigting verder verstewig en onder meer groter belangstelling in kommunisme, as teenpool teen groeiende fascisme, tot gevolg gehad.⁶¹

Gedurende die veertigerjare het die ANS, wat vir ‘n tyd lank so besiel was met die herleefde Afrikaner nasionalisme, kamma-kamma “republiek” gespeel⁶², maar die beweging sou spoedig die verlamende uitwerking van die tweedrag en politieke verdeeldheid in breër Afrikaner geleedere aan eie lyf ervaar en daar het ‘n skeuring plaasgevind, met die gepaardgaande herstigting van ‘n ASB-tak aan die PUK.

In die loop van die veertigerjare was daar verskeie pogings om groter eenheid tussen die verskillende studentegemeenskappe in Suid-Afrika te bewerkstellig, maar sonder sukses. Oorlogsdeelname en rasseverhoudinge het verhoudinge tussen die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad enersyds⁶³ en tussen Witwatersrand en UP aan die ander kant vertroebel en ook die PUK het hierby betrokke geraak. Die rasse- en kleurvraagstuk was die groot verdelingskwessie en het nie net verhoudinge tussen die ANS/ASB en NUSAS versuur nie, maar het ook verhinder dat studenterade tydens verskeie konferensies mekaar kon vind.

As direkte gevolg van smalende verwysings na Afrikaanse studente maar in diepste wese vanweë “die onhoudbare liberale beleid van die studente van Witwatersrand” het die Universiteit van Pretoria in 1941 alle betrekkinge, insluitende sportdeelname, met

die Universiteit van die Witwatersrand verbreek, en is hy hierin ondersteun deur PUK, UKOVS en die Maties. Verskeie tussentydse versoeningspogings het misluk voordat van Wits-kant apologie oor die gewraakte uitlating aangeteken is en die UP bereid was om oor versoening te onderhandel.⁶⁴

Uit protes teen wat bestempel is as “die kleurlose beleid” het die Studenteraad van PUK hom gedistansieer van ‘n poging om in Junie 1945 ‘n konferensie van alle studenterade in Johannesburg te hou, ten einde die verskille met Witwatersrand te probeer uitstryk. Dit is ook as “aanmoedigend” bestempel dat die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat (UKOVS) ook besluit het teen deelname aan die onderhandelinge.⁶⁵ Hierna het die vier Afrikaanstalige universiteite, einde Junie 1945 te Stellenbosch, afsonderlik beraadslaag en ooreengekom dat aan geen sportbyeenkoms van welke aard ook al deelgeneem sou word indien die beginsel van segregasie tydens die byeenkoms en met die gepaardgaande sosiale verkeer nie gehandhaaf word nie. In Augustus is daar verdere samesprekinge gehou en is verhoudinge herstel, maar die PUK het hom steeds gedistansieer omdat syns insiens nie aan die voorwaardes voldoen is nie.⁶⁶

In PUK-geledere was daar bedenkinge oor die moraliteit van die besluit dat betrekkinge herstel is, hoewel van UP-kant aangevoer is dat die beginsel van segregasie wel streng toegepas sou word tydens sodanige byeenkomste.⁶⁷

Vroeg in 1947 word, grootliks op inisiatief van die PUK, ‘n Federasie van Blanke Suid-Afrikaanse Studente (FBSAS) in die lewe geroep, wat breedweg ten doel gehad het om netelige en dringende sake soos interuniversitêre betrekkinge doeltreffend te behartig. Die naam van die federasie sowel as sy grondwet beklemtoon die blanke karakter daarvan en is baie pertinent bedoel as teenvoeter teen NUSAS.⁶⁸ Hierdie organisasie was ietwat voortydig. Saam met die ASB was daar nou twee organisasies waarvan nie een verteenwoordigend van alle Afrikaanse studente was nie. Veral Kaapstad en Stellenbosch het hulle buite hierdie dampkring bevind.

In 1947 word die twee kompeterende groepe aan die PUK – die ANS en die ASB – deur die toedoen van veral Rabbo Pasch versoen in ‘n nuwe organisasie, die Potchefstroomse Afrikaanse Nasionale Studente Organisasie (PANSO), maar spoedig hierna gaan die uniale ANS tot niet. Geïnspireer deur die oorwinning van die Nasionale Party in die 1948-verkiezing en as teenvoeter tot NUSAS, wat “met hulle uiters liberalistiese en kommunistiese beleid as agtergrond”, in hierdie tyd homself as verteenwoordigend van alle Suid-Afrikaanse studente beskou het, word die ASB



gevolglik in Augustus 1948 te Bloemfontein uniaal herstig. Die ou ASB en die FBSAS het in die proses ontbind.⁶⁹

Op eie werf het PANSO en sy opvolger ASB van tyd tot tyd die kleurvraagstuk beredeneer. Op 17 Augustus 1948 het HJ van der Hoven “Die gevaar van N.U.S.A.S.” behandel en dit onder meer gehad oor gelyke regte en oor die ASB “as bolwerk teen Kommunisme”. Op 5 Mei 1949 word wyd gekyk na “die apartheidsbeginsel”.

B Duvenage bespreek “Sosiale apartheid”, C Viljoen het dit oor “Ekonomiese apartheid” en J du Plessis praat oor “Politieke apartheid”. Aan die einde vat personeellid Matheusen “as outoriteit” saam en gee riglyne. Al is daar ver gevorder met die handhawing van die beginsel, kan daar nie tevredenheid wees nie “en wat ons te doen staan, is om ‘n metode uit te werk wat die naturel, kleurling en Indiër nie verontreg nie, maar wat tog om die moontlike gevare te bestry, die gesag in die handhawing van apartheid in die hande van die blanke laat”.

Ses weke later, op 23 Junie 1949, kom die biologiese aspek, die Skrifgronde, die algemene Skrifbeginsels en die voorkoms van apartheid in die Bybel onder die loep. In vraetyd is ‘n vraag gevra oor die skrifgronde vir voogdyskap.⁷⁰

In September 1948 is van die kant van die Universiteit van Kaapstad ‘n poging aangewend om groter samewerking tussen studente landswyd te bevorder. Al die universiteite en universiteitskolleges het bereidwilligheid getoon om ‘n voorgestelde konferensie by te woon, maar die vier Afrikaanse inrigtings het asof in ‘n koor die voorwaarde gestel dat slegs blankes dit behoort by te woon. Inderdaad het die ASB-hoofbestuur per sekretaris GF Morrison vanaf die Tukkie-kampus by voorbaat hierdie standpunt as “natuurlik vanselfsprekend” en geldend vir alle Afrikaanstalige universiteite aan hoofbestuurslede deurgegee. Dit is duidelik uitgespel dat die Afrikaanse universiteite niks sal aanvaar wat die ASB skade sal berokken en dat slegs saamgewerk sou word “met ‘n nuwe organisasie van Engelse studente wat die Afrikaner goedgesind is, en waar die kleurslagboom streng toegepas word”.⁷¹

Van UK-kant was daar begrip en erkenning van die gevoelens van die PUK en die ander Afrikaanse universiteite en het hulle gereël dat ‘n voorlopige, tentatiewe bespreking slegs vir blankes vir dae voor die eintlike konferensie gehou sou word.⁷²

Tydens die eerste jaarkongres van die nuwe ASB, in Julie 1949 te Stellenbosch, is ‘n “duidelike uitspraak oor apartheid”, wat as die kongres se studieonderwerp gedien het en bestempel is as “een van die moeilikste

landsvraagstukke”, verkry en het WJ (Willem) de Klerk as direkteur van Studie en Navorsing van die Bond dit só aan sy mede-Pukke teruggerapporteer: uitgaande van die standpunt dat daar ‘n Godgegewe maar ook kultuur- en beskawingsverskil tussen die rasse bestaan, en moet dit gehandhaaf word “deur die besliste deurvoering van ‘n apartheidsbeleid wat berus op die Christelike beginsels van reg en geregtigheid”. En is dit verder uitgespel: “As einddoel van apartheid sien ons Bantoe stamme in afsonderlike eie gebiede: volkome selfstandig en selfversorgend veral ten opsigte van politieke, ekonomiese, kultuur, opvoedkunde en godsdien. Tot hierdie einddoel moet geleidelik en stelselmatig oorgegaan word.”⁷³

Die jaar 1950 is gekenmerk deur groot woelinge op die interuniversitêre studentefront. Die ASB het NUSAS daadwerklik die stryd aangesê terwyl hulle duidelik verklaar het “dat die A.S.B. hom aparte universiteite vir blank en nie-blank in verskillende aparte territoriale gebiede ten doel en as uiteindelijke ideaal stel”. Die PUK se Willem de Klerk is as president van die beweging aangewys.

Voorafgegaan deur ‘n interuniversitêre konferensie te Durban, in Februarie 1950, het studente in Julie 1950 in Potchefstroom vergader, maar sonder afgevaardigdes van Wits, Rhodes en Kaapstad. Die algemene gevoel was egter dat al die universiteite geken moes word by die daarstelling van ‘n basis vir samewerking en gevolglik is ‘n opvolgbyeenkoms vir Augustus te Pietermaritzburg gereël.⁷⁴

In sy verslag as SVR-voorsitter vir 1950 het Willem de Klerk verwys na “die veelvuldige korrespondensie” en drie interuniversitêre studenteraadskonferensies “wat ‘n groot finansiële las besorg het”. Oor die derde en laaste konferensie, in Augustus 1950 te Pietermaritzburg, rapporteer hy só: “Hierdie konferensie het een duidelike feit na vore gebring nl. die radikale verskil tussen verskeie studenterade t.o.v. grondleggende beginsel. Weereens is bevestig dat geen beginsel ‘n kompromie duld nie. Die Universiteite van Witwatersrand, Kaapstad en Natal (Pietermaritzburg) het verklaar dat hulle onder geen omstandighede gewillig is om enige konferensie by te woon as daar ‘n bepaling neergelê word wat die afvaardiging van ‘gemengde Universiteite’ tot blankes beperk nie. Deur die P.U.K. is egter met groot erns en beslisheid gestel dat ons die nie-blankestudent van Kaapstad en Wits op geen konferensie sal ontmoet nie, omdat ons so teen ons beginsel, ons geloof, die geskiedkundige agtergrond en die praktyk sal indring.”

Daar word dus aanvaar dat interuniversitêre samewerking tussen al die universiteite vir die huidige onmoontlik is, sê De Klerk, en beklemtoon die belangrike rol wat PUK se SVR in interuniversitêre



sake gespeel het: “Ons lig en beginsel het ons helder vertolk en uitgedra.”⁷⁵

Tydens die konferensie is dit duidelik uitgespel “dat die nie-blanke as individu en as volk tot sy hoogste ontwikkeling kan kom deur op sy eie inrigting na sy eie aard, kultuur en historiese agtergrond te ontwikkel” terwyl dit beklemtoon is dat Afrikanerstudente se beleid en wens is om met die suiwer nie-blanke inrigtings te skakel en konferensies te hou. Verteenwoordigers van Fort Hare en Sastri, die nie-blanke afdeling van die Universiteit van Natal, is dan ook genooi na ‘n opvolg-konferensie wat vir 1951 beoog is.⁷⁶

Apartheid, wat met die oorwinning van dr DF Malan se Nasionale Party in die 1948 verkiesing daadwerklik uitgebou sou word ter reëling van volkereverhoudinge in Suid-Afrika, het só ook ‘n faktor geword waarmee deeglik rekening gehou moes word in interuniversitêre studente verhoudinge. In sy verslag oor die 1949 ASB-kongres het Willem de Klerk egter ‘n effense vals noot bemark en die vraag laat stel in hoeverre die Afrikaanse student nog vry is van “die verpestende invloed van die liberalisme”. Trots is uitgespreek teenoor “ons Noordelike Universiteite wat nog besied is ... bereid is om sonder toegewings die beleid vir die toekoms aan te toon” en die kongres het getoon getrou te wees aan die Christelik-nasionale beginsel. Maar daar het ‘n rokie getrek: “Alleen sommige gedagtes, uitgespreek deur kongresgangers en belangstellendes wat demokrasie met liberalisme verwar, het aanleiding gegee tot die besef van vreemde invloede.”

Sou die PUK-studentegemeenskap, en die PUK self, vry bly van hierdie “vreemde invloede”? En sou dit deurentyd net “vreemde” invloede bly?

4.4.5 Voorligting en voorlesings

Op die PUK-kampus is van tyd tot tyd in openbare lesings aandag gegee aan aspekte van die plek en rol van anderskleuriges in die samelewing.

So tree prof GP Lestrade, wat in 1930 as eerste UP-professor in Bantoeïstiek aangestel is, tydens gradedag 1932 as spreker op en handel hy oor “Die Naturellevraagstuk”. Reeds in 1930 is na Lestrade verwys as “de Bantoeïst, die 32 talen spreek”, en in 1949 is hy bestempel as “een talen pheunomeen, hij kent er een kleine 50 talen en zou geen moeite hebben er meer te leren”.⁷⁷ Beter verhoudinge tussen die twee wit “rasse” en beter wedersydse begrip tussen Europeaan (blankes) en naturel was vir hom absolute voorwaardes vir die oplossing van die probleem.⁷⁸ In sy jaarlikse oorsig namens die Senaat het rektor Postma die volgende hieroor te sê: “Hierdie onderwerp van studie is seker een van die belangrikste

en te weinig word aan die verskillende inrigtinge daaraan die aandag gegee ... Die naturelle-vraagstuk is egter van so groot oorwegende belang vir die hele Unie, ja vir die hele Afrika, dat meer fasiliteite deur die Minister van Onderwys hiervoor aan al die inrigtinge behoort verskaf te word.”⁷⁹

Die jaar daarna luister die Pukke na ‘n onderhoudende voorlesing deur die Stellenboschse volkekundige PJ Schoeman, oor “Die Bantoelewe en gewoontes”. Terugskouend na Lestrade se lesing die vorige jaar, word weer deur Postma op “die belangrikheid van hierdie studievak” gewys en die beroep op die minister van Onderwys herhaal, vir voorsiening van fasiliteite.⁸⁰

Ongetwyfeld sou Schoeman se sieninge oor die oplossing van die naturelleprobleem, soos hy dit ‘n paar jaar later sou verwoord in “territoriale segregasie” en “selfbeskikkingsreg van volkere” as “die produk van die menslike wese se ingebore drang na vryheid” (**kyk insetse hiernaas**), sterk aanklank op die PUK-kampus gevind het. Dat Schoeman gewis sterk indruk gemaak het, blyk uit die feit dat sowel die ANS as die Senaat van die PUK in 1946 planne gehad het om Schoeman weer oor te nooi vir ‘n verdere lesing oor inboorlingkultuur.⁸¹ Hierdie voorneme het egter nie gerealiseer nie.

Ook die optrede van “die vermaarde besoeker” prof D Westermann, deur Postma bestempel as die vernaamste antropoloog van die Universiteit van Berlyn, is as “van onskatbare betekenis” vir die studie van die naturellevraagstuk bestempel.⁸² Westermann, wat Suid-Afrika onder beskerming van die Carnegie Korporasie besoek het, was ook voorsitter van die International Institute of African Affairs en het die tema “Psychology and the Negro” in die hoofgebou saal met sy toehoorders behandel.⁸³

In die tweede uitgawe van *Koers*, dié vir Oktober 1933, behandel LJ du Plessis die tema “Rasverhoudinge” en dui hy aan dat die beleid van segregasie tipies Afrikaans is en vra of dit in die werklikheid gegrond is, of dit godsdienstig-sedelik suiwer is, of dit tot voordeel van die volkslewe toegepas kan word en of dit nog prakties uitvoerbaar is.⁸⁴ Asof ter beantwoording van sy eie vraag, voorsien Du Plessis in ‘n latere *Koers*-bydrae wat handel oor die wenslikheid van konstitusionele hervorminge dat naturelle en Asië van die parlement uitgesluit en vir hulle aparte ondergeskikte verteenwoordigende liggame ontwikkel sal moet word.⁸⁵

PUK se Broederbond-grootbaas, JC van Rooy, gee op sy beurt in Augustus 1935 in *Koers* ‘n aantal riglyne vir die oplossing van verskeie volksvraagstukke, onder meer die verhoudinge tussen Engels- en Afrikaanssprekendes, die armblankewessie en die verhoudinge tussen wit



Territoriale Segregasie :

ENIGSTE DOELTREFFENDE NATURELLE BELEID VIR SUID- AFRIKA.

Deur prof. dr. P. J. Schoeman, Hoof van die Departement van Volkekunde en Bantutale aan die Universiteit van Stellenbosch.

Daar is nog nooit in die geskiedenis van die mensdom so iets as 'n standaard landsbeleid of regeringsvorm ontwerp wat sonder meer met sukses vir enige land en sy bevolking kon voorgeskryf word nie. Dit het nog altyd geblyk dat die menslike-ideale regerings-of staatsvorm nie die is wat vir 'n volk van elders of deur iemand anders as hyself, uitgedink en opgestel word nie. Die ideale regeringsvorm vir 'n land en 'n volk is die wat hyself, uit homself en vir homself, ooreenkomstig sy aard, aanleg, lewensfilosofie en omgewing, geleidelik ontwikkel.

Hierdie stelling van my word o.a. gestaaf deur die feit dat daar vandag, na eeue van proefnemings, oor die hele beskaafde wêreld gepraat, geveg en geknoei word vir die selfbeskikkingsreg van volkere. Selfs Engeland wat nog altyd in die verlede die groot voorstander was van kulturele imperialisme in haar kolonies, begin nou, veral in haar inboorling-kolonies in Afrika, meer en meer daadwerklike aandag te gee aan die veel meer natuurlik-menslike en prakties uitvoerbare beleid van kulturele selfdeterminisme. Hierdie selfbeskikkingsreg van volkere wat vandag meer en meer besef word, is die produk van die menslike wese se ingebore drang na vryheid.

Dit is soos die lug, lig, en sonskyn wat elke plant nodig het om tot sy volste groeikrag en skoonheid te kom. Wanneer en so lank daar met hierdie hoogste reg van die mens nie rekening gehou word nie, voel hy hom onvry en slaafs onderdruk. En hierdie drang na die vryheid en reg om homself te wees, is so groot en so sterk dat die mens, wanneer dit hom ontnem is of onder allerhande dekmantels, nie gegun word nie, uiteindelik sy identiteit verloor en wegwyn, of in 'n bloedige opstand kom teen die onderdrukker. Dit is tipies van die mens, afgesien van ras of trap van ontwikkeling, dat hy 'n juk of las wat hy homself ople veel gewilliger dra as die wat 'n ander met allerhande magsfaktore op hom afforseer.

Waar ons sover in die algemeen gepraat het, pas dit ons nou om ons oog te laat gaan oor



die land wat ons graag ons eie noem, en ons oor oop te hou vir stemme en geluide wat dreig om oor te gaan tot onweersgeluide.

In hierdie land van ons liefde en toekomsdrome, wat hot en haar afgemylpaal staan met tallose oorlogsgrafte, staan ons voor 'n groter en steeds groeiende vraagteken wat somerswart silhoëteer teen die horison van ons toekoms.

In 'n baie ernstiger mate as ooit tevore in die geskiedenis van ons volk, staan ons vandag voor die onstellende vraag of ons, ooreenkomstig die ideale van ons voortrekker-ouers, 'n suiwer blanke en selfrespekterende volk gaan bly. Voordat ons egter 'n ernstige antwoord op hierdie onrusbarende vraag kan probeer gee, pas dit ons om eers die tekens en geluide wat ons oral in ons land waarneem, in breë trekke te bespreek.

Ons het vandag hier in die Unie om en by die sewe miljoen naturelle. Hierdie reuse bevolkingsgroep wat die blanke bevolkingsgroep met byna vyfmiljoen siele in getalsterkte oor-

4.4.8

Territoriale segregasie bepleit deur PJ Schoeman.

en swart. Om die verhouding tussen blank en swart op harmonieuse en regverdige wyse te reël is nodig (a) 'n diepgewortelde Christelike geloofsoortuiging, wat besiel met 'n vurige liefde vir God en medemens, (b) rotsvaste en egte vaderlandsliefde, en (c) beginselvastheid, offervaardigheid en 'n onuitroeibare besef van billikheid en regverdigheid.⁸⁶

In hierdie tyd het die fokus vir 'n wyle vanaf die swart mense verskuif en lewer die nuwe hoof van Normaal Kollege en ampshalwe dus ook professor

in Opvoedkunde aan die PUK, prof PJ van der Merwe, sy intreedende oor 'n aspek van die verhoudings- of kleurvraagstuk wat veelal in hierdie tyd op die agtergrond was. "Wat van die Kleurling?", vra Van der Merwe 'n skerp gewetensvraag, en gee dan sekere riglyne vir die hantering van hierdie probleem.⁸⁷

Van der Merwe wys daarop "dat persoonlike meriete of demeriete nie uitsluitlik afhanklik is van kleurtipes nie" en onderskei stand- of klasseverskille in die betrokke gemeenskap. Vir hom is dit in die eerste instansie 'n

"humanitariese" probleem en wys hy onder meer op "skrikwekkende" behuisingstoestande. Hy bepleit sanitasieverbetering, kindervelvaart, kraamverpleging, eerstehulpopleiding, verbeterde behuising en gesondheid, maatskaplike higiëne, sportfasiliteite en aparte spoorweggeriewe vir die hoër kleurling.

Oor die politieke situasie haal hy 'n kleurling self aan: "Die witman het sy politieke leiers, die uitlanders sy konsul, die Asiate sy agent-generaal, die naturel sy naturelle-kommissaris, maar die kleurling niks nie. Die enige middel is die logge en kosbare masjien van deputasies en onderhoude met die regerings-departemente."

Van der Merwe praat ook hard oor die onderwys en die taal. Opnames toon dat van 600 000 kleurlinge slegs 'n geringe persentasie se huistaal nie Afrikaans is nie, maar dat feitlik alle onderwysgeleenthede van Engelse kerke se kant geskep is, met Engels as medium.

"Die gevolg hiervan is dat waar van onderwys gepraat word onder kleurlinge daar 'n sterk afkeur is in alles wat Afrikaans is." ⁸⁸

Van der Merwe se sieninge moes ongetwyfeld sy mededosente en studente op die Bult diep aan die dink gesit het. Die eggo's daarvan sou nog vir baie lank in die Suid-Afrikaanse samelewing weerklink ...

In Oktober 1935 vestig Du Plessis lesers van sy Koers-rubriek se aandag op 'n soort differensiasie "wat teenswoordig veral beklemtoon moet word", naamlik die tussen blank en gekleurd in Suid-Afrika, en wat wel met 'n mate van segregasie gepaard sal moet gaan. Teenoor die opvatting dat dit op die duur onmoontlik sal blyk te wees, meen hy dat 'n deeglik-uitgewerkte en prinsipieel-gehandhaafde segregasiebeleid wel kan slaag. Dat so 'n beleid in stryd sou wees met die Christelike beginsel waarvolgens alle mense gelyk is voor God en saam verbind is deur onpartydige naasteliefde, gaan nie

Die Kleurling-Probleem

Die Ontstaan in Suid - Afrika

Interessante Meedelings van Prof. v.d. Merwe

Meid se Duim as Fopspeen vir Blanke Kind

HOE DIT KOM DAT MEESTE ENGELSE MEDIUM HET

Interessante en inliggende besonnerende is deur prof. P. J. van der Merwe, hoof van die Potchefstroomse Normaal- en Geopenbaar in die loop van sy intree-e in bo. ermelde hoedanigheid, toe hy oor die onderwerp "Wat van die Kleurling?" gepraat het.

Die professor het in die eerste plek die ontstaan van hierdie gemeenskap bes. andel, in welke verband hy die een en ander aangehaal het om te bewys uit hoe 'n verskeidenheid van a. k. s. e hulle tot stand gekom het. Haas elke Europese ras, wat in S. A. verskynwoordig is, was daarby gemeng, asook Hottentotie, slawe van verskillende oorspronge, Asiate, Javane, Maleiers en dies meer. Al die Maleiers was nie slawe nie, en as voorbeeld hiervan meid die spreker 'n hele paar r. a. s. ' en ander oosjiese edelliede en in sommige gevalle politieke bannelinge, mense wat dikwels 'n hoë kultuur en beskawingspeil bereik het.

Die spreker meen dat dit misken nie onvanpas is om hier melding te maak van die herhaalde pogings van Van Riebeeck om Sijnese na die Kaap in te voer n. e. Spreker verklaar dat dit oorbodig is om die bewering dat die kleurling enkel die voortplanting is van losbandige en onsedel-

huislike begroting blyk dit hoe na aan die Europese standaard hierdie groep kleurlinge dikwels lewe.

Die derde stand word meestal aangetref op die platteland en in die swakkere klas agterbuurte van die groot stad. Dis by hulle dat die naturel en die Hottentootorsprong oorwegend is. Nietemin is daar ook 'n klein persentasie Europese bloed. Hierdie klas toon 'n fatalistiese tevredenheid en sodoende min of geen neiging tot selfreding toon nie. Hulle is dood tevrede en gelukkig met die toestande waarin hulle verkeer.

Wat betref Potchefstroom woon 'n groot persentasie van die kleurlinge in die lokasie. Volgens die mening van die superintendent van hierdie lokasie blyk egter dat die jonger geslag wat tans onderwys geniet hoër aspirasies sal hê. Daar woon 4,525 naturelle en kleurlinge in die lokasie, te wyte aan die feit dat die dorp in 1932 geproklameer is, waarvolgens alle kleurlinge (behalwe bona fide diensbodes) lokasie-toe moes trek. Sommige woon dus saam met die naturelle in die lokasie, maar kan hulle selfs te midde van die blankes in die dorp woon—geen gedeelte uitgesonderd nie.

Die heel onderste stratum, diegene by wie die Europese tint slegs deurskemer, net genoeg om hom



4.4.9

PJ van der Merwe.

4.4.10

Westelike Stem 14.8.1935 p 8. Met sy intreedende as professor aan die PUK het Normaal se rektor, prof PJ van der Merwe, sy gehoor regop laat sit met sy sieninge en opmerkinge oor die posisie van die Kleurlinge in die samelewing.



vir hom op nie: “Die Calvinisme egter maak duidelik onderskeid tussen die Christelike gelykheid voor God en onderling-menslike ongelykheid, en ook tussen die eties-religieuse eis van naasteliefde en die sosiaal-politieke vereiste van ‘n gedifferensieerde orde.”

Du Plessis sien gevaarlike flikker: “In hierdie verband is dit ‘n ontstellende feit dat die universitêre jeug in sterke mate die gelykstellingstrewende begin aanhang, ‘n neiging wat ook alleen geneutraliseer en in gesonde bane omgebui kan word deur ‘n Christelik-Nasionale hervorming van ons Universiteitswese. Die gevaarsentra in hierdie opsig vir die Afrikanerdom is ongetwyfeld die Universiteit van die Witwatersrand en van Kaapstad.”⁸⁹

In 1936 is gestalte gegee aan genl Hertzog se idees oor die oplossing van die “Naturelle-Kleurling-vraagstuk”, soos hy reeds in 1925 daarna verwys het, en wel deur die aanvaarding deur die parlement van die Naturellevertegenwoordigingswet (nr 12 van 1936) en die Naturelletrust en -grondwet (nr 18 van 1936). Du Plessis se sieninge oor die twee wetsontwerpe het hy reeds in April 1936 in die tydskrif *Koers* verwoord, toe hy die verwagte aanvaarding van die wetsontwerpe bestempel het as die kroon op Hertzog se lewenswerk, naamlik “die volledige bestuurlike segregasie van die naturellebevolking binne die Unie”. Du Plessis verwoord dan “die volkomenheid van ons volksideaal” as “seker beliggaam in totale afskeiding van die naturelle-bevolking uit die algemene staatsbestuur van Suid-Afrika, met toelating van ‘n beperkte en groeiende aandeel vir die naturelle in die bestuur van hul eie sake onder blanke oppertoesig, en met die oog daarop so ver moontlik afsondering van die naturelle-bevolking in die grondgebiede en in beperkte werk- en leefruimte binne die blanke gebiede.”⁹⁰

Gedurende die eerste kwartaal van 1937 het proff AJH van der Walt en LJ du Plessis die ANS tak van die PUK tydens ‘n “interessante” programvergadering toegesprek oor die naturelleprobleem.⁹¹ Van der Walt het die probleem aan sy jeugdige gehoor gedefinieer as “hoe om ‘n vorm van lewensverhouding in Suid-Afrika te kry wat, hoewel dit skeiding tussen blank en gekleurde handhaaf, nogtans die beste heil van beide groepe sal bewerk, afsonderlik en gesamentlik”. Hierna het hy die twee heersende beleidsrigtings in die land behandel: enersyds dié van gelykheid en broederskap, wat – oppervlakkig beskou – aan die beginsel van reg en geregtigheid aan elke mens voldoen maar wat noodwendig “tot vermenging en ondergang van die blanke gemeenskap en daarmee van die Christelike beskawing” sal lei. Tweedens is daar wat hy noem die differensiasiegroep, wat die behoeftes van beide seksies moet verstaan en bevredig, dog met handhawing van die blanke beskawing: “Onder leiding van die blanke moet die naturel op eie bodem homself ontwikkel na sy eie

volksaard.” Daar mag geen repressie (onderdrukking) wees nie; daar moet positief opgetree word en die samewerking van die naturel moet verkry word.

Du Plessis het op sy beurt die probleem gesien in die feit dat ‘n versoening tussen die twee standpunte gekry moes word, want absolute segregasie lyk onmoontlik en absolute gelykheid word verwerp. Van die grootste probleme wat oorkom moes word is “Christianisering”, die voorsiening van grond en die regeringstelsel van die naturel. Enkele jare later verwoord Du Plessis sy visie as ‘n “Multi-nasionale ras-gelykwaardige federalisasie van Suidelike Afrika”.⁹²

Dit was asof die kleurvraagstuk tydens die Tweede Wêreldoorlog ietwat op die agtergrond geskuif het, terwyl die PUK met sy eie oorlogstydse probleme en posisionering ten opsigte van die ideaal van onafhanklikheid gewroeg en geswoeg het. In 1946, die jaar toe die departement Bantoetale uiteindelik sy staan binne die departementele opset aan die PUK gekry het, word op ‘n hoë noot afgesit toe die pionier op die gebied van die Bantoekultuur, dr Werner M Eiselen, die Pukke toespreek oor “Bantoekultuur: sy wese en voortbestaan”. Eiselen was op hierdie stadium, na ‘n tienjaarlangetydse loopbaan waartydens hy onder meer die departement Bantoekunde aan die Universiteit van Stellenbosch gestig en gevestig het (1926-1935), hoofinspekteur vir naturelle-onderwys by die Transvaalse Onderwys Departement. Hy sou pas in 1947 as professor in Volkekunde aan die Universiteit van Pretoria aangestel word, om vanaf 1949 as sekretaris van Naturellesake ‘n groot rol te speel in die vasstelling van die beleid van afsonderlike ontwikkeling van die verskillende swart volke in Suid-Afrika.⁹³



4.4.11

Dr WM Eiselen ... praat oor die wese en voortbestaan van die Bantoekultuur.



In 1950 is ook ‘n uitnodiging gerig aan prof MaCrone van die Universiteit van Witwatersrand, om ‘n lesing oor rasseprobleme voor die Pukke te kom hou. Om een of ander rede kon hierdie besoek nie ingepas word nie. Wel het dr A van Schalkwyk van die Universiteit van Stellenbosch op 9-10 Mei dié jaar by twee geleenthede voor die Pukke opgetree. Eers spreek hy die Stafklub toe oor “Die natuurelevraagstuk in die eerste helfte van die twintigste eeu” en daarna gee hy ‘n toekomspektief, onder beskerming van die Senaat, oor die kwessie in die tweede helfte van die eeu. Hy is ook gevra om een of twee lesings aan die studente in Bantoekunde te gee.⁹⁴

4.4.6 SA Instituut vir Rasseverhoudinge en Afrikanerbond vir Rassestudie

Grootliks gemotiveer deur verset teen Hertzog se segregasiebeleid, kry die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge / South African Institute for Racial Relations (SAIRV/SAIRR) in die laat twintigerjare sy beslag aan die Universiteit van Witwatersrand, met prof RFA Hoernlé as groot dryfkrag. Hoernlé het Hertzog se beleid verwerp as blanke-oorheersing en het segregasie as onhaalbaar en in elk geval oneerlik bestempel, alhoewel hy tog ook nie ‘n voorstander van volle integrasie was nie.⁹⁵

In PUK-kringe is ernstig gewroeg oor moontlike aansluiting by die organisasie. In November 1933 word ‘n kommissie se aanbeveling vir aansluiting deur die Raad aanvaar, maar nie voordat ‘n teenvoorstel (deur di Kotze en van der Walt) verwerp is en ‘n lid van die Raad (ds Poën) sy teenstem laat noteer het nie. Onder die besef dat hy deur hierdie besluit hom op dun ys begeef het, het die Raad sy verteenwoordigers op die raad van die SAIRV gemaak dat hulle ‘n “streng versigtige en kritiese houding” moet aanneem en gereeld aan die Raad verslag doen. Die rektor self sou die Raad en prof LJ du Plessis die Senaat by die Instituut verteenwoordig.⁹⁶

Ook uit ondersteunersgeledere is daar dadelik kaspie gemaak teen die aansluiting by die SAIRR en wel deur die PUK-komitee van Pretoria-Oos. Die Raad wou egter nie bes gee nie, selfs nie eens toe die saak weer in April gedien het nie. By laasgenoemde geleentheid is ‘n voorstel⁹⁷ dat die besluit tot aansluiting herroep word, weer verwerp. Inderdaad is die affiliasie intussen voorlopig uitgestel, om die rektor geleentheid te gee om meer besonderhede in te win.⁹⁸

Aan die begin van Augustus word ‘n aanbeveling van die Senaat om by die SAIRV te affilieer, na breedvoerige verslag van die rektor en deeglike bespreking, deur die Raad aanvaar. Daar was twee teenstemme en ds

van der Walt het versoek dat sy teenstand genotuleer word.⁹⁹

As gevolg van LJ du Plessis se ywer en skynbaar om die wantroue wat daar jeens die SAIRV bestaan het, te probeer besweer, het die Senaat in Februarie 1935 besluit dat sy verteenwoordigers hom moes verwittig van bedrywighede van die instituut “wat nie in ooreenstemming is met die beginsel van die P.U.K. nie”.¹⁰⁰

In Februarie rapporteer die rektor oor die bevindinge van die verteenwoordigers wat die sitting van die Raad van die SAIRV bygewoon het. Die Raad het met waardering kennis geneem “van die invloed wat daar ten goede uitgaan van genoemde verteenwoordigers op die beleid van die Instituut”.¹⁰¹

Op hierdie stadium het die eerste probleemreëls alreeds opgeduik. Wat voertaal betref, “ons antwoord in Afrikaans en wens hierby voor te stel dat korrespondensie van die Instituut sekerlik en ander dokumente sover moontlik tweetalig sal wees”. Maar, van groter omvang, is besluite en beleidsverklarings wat “in sterke mate die gelykstellingsgees openbaar”, vir sover dit die verwydering van die kleurskeidslyn in die arbeidsveld en ander aangeleenthede. Die instituut behoort die standpunt of beginsel te eerbiedig van segregasie of die definitiewe en groots moontlike skeiding van blankes en gekleurdes, veral natuurlike. Die Instituut, sê die PUK-verteenwoordigers, “verwerp die onderskeiding tussen blank en gekleurd, beoog die verdere vermenging van rasse en moet uitloop op disintegrasie van die **blanke** beskawing in Suid-Afrika.”¹⁰²

Einde Julie 1935 doen Du Plessis op sy beurt verslag oor die konferensie van die SAIRV wat hy te Durban bygewoon het. Op sy beurt deel Postma die Raad mee dat hy die Instituut versoek het om kontak te probeer maak met die Rasseverhoudingsbond. Ietwat verontskuldigend word besluit om die PUK-komitee van Pretoria-Oos in te lig dat daar met laasgenoemde bond saamgewerk word en dat ‘n afgevaardigde na hul eerste konferensie gestuur is.¹⁰³

Hierdie organisasie, die Rasseverhoudingsbond of ook genoem die Afrikanerbond vir Rassestudie, is in 1935 in Transvaal gestig deur mnr MDC de Wet Nel.¹⁰⁴ In sy gereelde rubriek “Die loop van dinge” in Koers se Augustus 1935 uitgawe verwys LJ du Plessis na “ ‘n merkwaardige nuwe ontwikkeling van die negrolistiese gelykstellingstrewie in ons land, veral uitgaande van die Universiteite van die Rand en van Kaapstad, maar ook uit uitheems georiënteerde sendingkringe ...”. Goedkeurend wys hy dan daarop dat daar wel teen hierdie verskynsel geïntereesseerd is en wel deur ‘n meer nasionale demonstrasie, gereël deur



die Afrikaanse Rasseverhoudingsbond, “maar seker nog nie prinsipieel en positief genoeg nie”.¹⁰⁵

Die “nasionale demonstrasie” waarna Du Plessis verwys, was ‘n konferensie wat deur die nuutgestigte Rasseverhoudingsbond van Afrikaners (RVBA) gereël het waartydens naturelle-opvoeding asook die sosiale verhouding tussen blank en gekleurde bespreek is. Die PUK is deur proff AJH van der Walt en JC van Rooy verteenwoordig. Op 28 Oktober en weer op 21 November 1935 is die PUK formeel genooi om as lid van die Bond toe te tree, met die motivering “dat ‘n Universiteitskollege, wat nog altyd die moed gehad het om die saak van die Afrikanernasie te dien, ook bereid sal wees om sy steun te gee en sy kragte te wy aan die rigting van my Bond wat ten doel het om die Naturellevraagstuk op te los volgens die tradisionele standpunt van die Afrikaner.”¹⁰⁶

By die PUK was daar geen huiwering nie. Die Senaat sowel as die Raad het toetrede goedgekeur en rektor Postma as verteenwoordiger benoem. Twee maande later gee die registrateur die name deur van raadslid ds JV Coetzee en 12 personeellede, wat wil aansluit: professore JC en DJ van Rooy, GTS Eiselen, HG Stoker, JP van der Merwe, G Dekker, HG Schulze, G van Wageningen, LJ du Plessis, CJH de Wet en menere JS van der Merwe en FJ Labuschagne.¹⁰⁷

Die Afrikanerbond vir Rassestudie het intussen die Senaat genader om sy organisasie in Wes-Transvaal te behartig. Hiervoor is egter nie kans gesien nie, maar die Senaat sou inteendeel personeel aanmoedig om die saak soveel as moontlik te bevorder, en desnoods selfs ‘n plaaslike afdeling te stig.¹⁰⁸

Intussen het dinge nie vlot verloop, wat betref die verbintenisse met die SAIRV nie.

Prof Hoernlé was maar baie versigtig vir die PUK-gesante. Einde November skryf hy aan Postma ter verduideliking van ‘n toespraak wat hy in sy persoonlike hoedanigheid in Pretoria gehou het, oor genl Hertzog se Naturelle Wetsontwerpe. Verwysende na wanvoorstellings oor die Instituut, het hy duidelik aan sy gehoor gestel dat dit “nog ‘n klompie ‘Kafferboeties’, nog ‘n politiese organisasie” is. Op sy Raad dien mense van verskillende politieke beginsels, en in hierdie verband het hy verwys na die PUK se affiliasie met Postma as lid van die Uitvoerende Komitee en Du Plessis as lid van die Raad. Hy het ook beklemtoon dat baie lede van die Instituut nie noodwendig met hom oor die wetsontwerpe sou saamstem nie.

Postma is vry om die brief te gebruik “om u eie posisie en dié van die P.U.K. in verband met die Instituut te verduidelik en te verdedig”. Persoonlik stel hy die samewerking met Postma hoog op prys en is prof du

Plessis se hulp tydens die raadsvergadering in Julie baie waardeer.

Intussen het die druk van die kant van die predikant van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Oos, ds PJS de Klerk, al hoe sterker geword. De Klerk, wat namens die Bond vir Rassestudie in ‘n twisgeskryf met prof Hoernlé betrokke was, verwys juis na Hoernlé se toespraak in Pretoria toe hy “telkens” Postma en Du Plessis se name genoem het “om aan te toon, dat hulle standpunt gesond is, omdat professore van ‘so ‘n ortodokse kollege’ met hom saamwerk”. Nee, meer nog: “Hy gebruik die P.U.K. vandag as ‘n dekmantel om daaragter te skuil en sy negrosistiese neigings te verskoon.” Van PUK word verwag om in UKOVS se spore te volg en met die Instituut te breek, sê De Klerk.¹⁰⁹

Handelende op ‘n wenk dat die PUK moontlik wel die bande met die SAIRV sou verbreek, het De Klerk ‘n rukkie later ook ‘n betoog in hierdie verband tot die Raad van die PUK gerig. Daarin is ondermeer uitgespel hoedat sowel UKOVS as die Bond vir Rassestudie om prinsipiële redes nie by die SAIRV wil aansluit nie en moet die PUK dus gedwing word om kant te kies. As die PUK nie sy bande verbreek nie, “vrees ons dat verskeie bydraers tot die P.U.K. Boufonds sal weier om nog langer hul steun te gee.”¹¹⁰

Op 20 Februarie 1936 is die probleme met die Instituut deur die Senaat bespreek en enkele dae later dien dit voor die Raad. Nadat die rektor enige verduidelikings gegee en briewe voorgelê het van dr PJS de Klerk, prof Hoernlé en die sekretaris van die PUK-komitee Pretoria-Oos, is die aanbeveling van die Senaat eenparig aanvaar en affiliasie met die Instituut opgesê.¹¹¹

Postma het wel, na die uittrede van PUK uit die SAIRV, aangebly as lid van die Instituut en wel as afgevaardigde van die Universiteit van Suid-Afrika. In 1937 dien hy byvoorbeeld weer in die uitvoerende komitee en is hy ook lid van die liggaam se Inter-Universitêre Komitee vir Afrikanistiek. In 1938, die groot herdenkingsjaar van die Afrikaners, word Postma ook genooi om ‘n bydrae te lewer vir ‘n spesiale Groot Trek-uitgawe van die tydskrif *Race Relations*. Die ander uitgenooide medewerkers sou wees JD Krige, AJH van der Walt, Leo Fouché, A Keppel-Jones, dr CT Wilcocks, senator EH Brookes, ZK Matthews, BW Vilakazi en H Madibane.¹¹²

Weens die feit dat hy voortdurend op reis was, ter bevordering van die beurs en die beeld van sy inrigting, kon Postma nie aan die versoek gehoor gee nie,¹¹³ terwyl die uiteindelijke gedenkuitgawe ook nie bydraes van Krige, Wilcocks, Vilakazi en Madibane bevat het nie. Plaasvervaardigers was JAI Agar-Hamilton, AH Murray, ID MacCrone en ds J Reyneke. Van PUK- en Afrikanerkant is ‘n gulde geleentheid laat



glip om sieninge en standpunte betreffende hierdie epogmakende gebeure in die geskiedenis van Suid-Afrika en die Afrikaner aan ‘n grotendeels nuwe gehoor oor te dra.¹¹⁴

Maar ook Postma sou op die lang duur nie by die SAIRV uithou nie. Die breuk is veroorsaak deur verskil in siening oor die kleurbeleid vir die land.

In November 1938 het die Nasionale Party ‘n uniale kongres gehou waartydens sekere sterk resolusies met betrekking tot die kleurprobleem aanvaar is. Die grondtoon van hierdie besluite was “dat Suid-Afrika witmansland bly” terwyl “die oorheersende posisie van die blanke ras in die gees van voogdyskap” as lewensbelangrik vir die toekoms en heil van Suid-Afrika beskou is. Rassesuiwerheid, segregasie, aparte woonbuurtes en werkkringe, ekonomiese en politieke segregasie is in beskrywingspunte behandel.

Aan die einde van die verrigtinge is besluit om ‘n petisie op te stel waarin wetgewing ten uitvoer van die besluite versoek word, en dit deur volwasse blankes oor die hele land te laat teken. Dit is gedoen en in Mei 1939 het dr Malan hierdie petisie met meer as 230 000 handtekeninge – veel meer as wat sy party in die pas-afgeloopde verkiesing getrek het – by die Volksraad ingedien. Kenmerkend van die politiek van die tyd het hierdie versoekskrif skerp teenreaksie ontlok.¹¹⁵ Ook die SAIRV het skerp gereageer.

Die Instituut kon hom ten enemale nie vereenselwig met die voorstel tot totale skeiding in ruil vir ‘n vae voogdyskap nie en het voorsien dat rasseverhoudinge in blote rasse-antagonisme sal ontaard, met die resultaat “a united front of all non-Europeans against all Europeans as their common enemies”. ‘n Dringende beroep is gedoen dat die Kleurpetisie onttrek en oor ‘n wye front, ook met die anderskleuriges, onderhandel sal word om die probleem op te los en ‘n sukses te maak van die veelrassige samelewing.¹¹⁶

Op 13 Februarie 1939 laat weet Postma vir vriend Hoernlé dat hy uit die Uitvoerende Komitee van die SAIRV bedank omdat hy hom nie kan vereenselwig met die houding en verklaring van die Instituut oor die kleuropetisie van die Nasionale Party nie. Sy sienswyse, skryf hy, is bekend, naamlik “dat ek my ten volle kan verenig met die inhoud, doel en strekking van die genoemde petisie”. En: “Hierdie vraagstuk is van so ‘n kardinale betekenis dat verskil daarvoor dit vir my onmoontlik maak om langer as lid van die Uitvoerende Komitee te dien. Hy sal die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika vra om iemand anders in sy plek te benoem.”¹¹⁷

‘n Paar dae later bedank Postma Hoernlé vir sy vriendelike antwoordbrief. Sy lidmaatskap van die

SAIRV was vir hom baie leersaam, getuig Postma; dit het die geleentheid gebied “om deeglik kennis te neem van wat ek wil noem die grootste probleem in ons land”.¹¹⁸

4.4.7 PUK-denke en PUK-denkers, 40-er jare

Oorlogsomstandighede, en veral die politieke woelinge in Afrikanergeleedere en verset teen die Smutsregering se aktiewe deelname aan die wêreldstryd, het tot ‘n groot mate ook die nie-akademiese aktiwiteite van die personeel en studente van die PUK gerig. In die proses het die kwessie van verhoudinge met die nie-blanke groepe in die land vir ‘n wyle ‘n mindere plek in die denkraamwerk van die PUK denkers bekleed. Nie dat dit heeltemal geïgnoreer is nie – inteendeel.

In Augustus 1940 publiseer Koers ‘n artikel uit die pen van LJ du Plessis getiteld “Die Naturelle-Vraagstuk in Suid-Afrika”, oorspronklik geskryf vir die Nederlandse tydskrif *Dietsland-Zuid-Afrika*.¹¹⁹

Nadat hy die probleem aan die hand van bevolkingsyfers en demografiese verspreiding aan sy lesers geskets het, hou Du Plessis die “in die Suid-Afrikaanse teorie hoofsaaklik twee oplossingsrigtinge” voor, te wete enersyds die “tipies Afrikaanse segregasie-beleid, wat op die oomblik grotendeels die praktyk beheers”, en andersyds wat hy bestempel as “die ingevoerde assimilasië-beleid, wat in liberale en kommunistiese kringe voorgestaan word”.

Hy gaan gevolglik uitvoerig in op die wese en historiese wording van die Suid-Afrikaanse segregasiebeleid en bestempel dit onder andere as “die nasionale beleid van Suid-Afrika” en “spesifiek Afrikaans”. Dit word as historiese roeping van die Afrikaner voorgelê “om die binnelande van Afrika ... oop te maak vir die Christelike beskawing op die grondslag van ‘geen gelykstelling’ tussen blank en gekleurde”. Sodra hierdie beleid volledig deurgevoer is, sal die nadruk nie meer gelê word op die negatiewe aspekte van afskeiding en gelykstelling nie, maar op die positiewe aspek van Christelike voogdy: “Die Afrikanerdom sal van nou af meer as tevore hulp moet gee aan die gekleurde bevolking van alle soort om op eie terrein en volgens eie aard tot volle Christelik-Afrikaanse ontwikkeling te kom ... Die Afrikanerdom is vas beslote om vir die naturelle-bevolking, met name die Bantoe-stamme ‘n beter toekoms, meer gesond en meer selfstandig, te verseker deur sy segregasie-beleid ...”

Ook twee oudstudente van die PUK laat in hierdie tyd van hulle hoor oor die rassevraagstuk. Gereformeerde sendeling Hugo du Plessis, jonger broer van LJ, het ook die idee van ‘n “Christelik-nasionale naturelle-



volkslewe” gepropageer en was veral ‘n sterk voorstander van ontwikkeling van die swart reserwes en bestryding van die tendense tot ontstamming en denasionalisering.¹²⁰ Meerdere artikels oor rasseverhoudinge het van tyd tot tyd uit hierdie Du Plessis se pen verskyn.

Oudstudent JA van den Berg, wat net soos Hugo du Plessis later dosent aan die PUK sou word, het sy kortstondige ervaringe as dosent aan die Fort Hare Kollege te Alice in die oudstudenteblad *Die Veteraan* op skrif gestel. Hoewel hy enersyds positief rapporteer oor die Christelike karakter van die instelling, staan hy skerp krities teenoor Engels as medium en die Europese inslag van die opleiding, “wat beslis ontstammend en ontaardend werk”; die opleiding aldaar bewaar nie die stamverband nie en laat die naturel nie volgens sy eie rasselyne ontwikkel nie.

Van den Berg se vernaamste beswaar teen Fort Hare is dat die “allervernaamste hoeksteen van die natuurle- onderwys”, naamlik die voogdybeginsel, en die feit dat segregasie die enigste oplossing van die probleem is, nie deur hulle tuisgebring word nie.¹²¹ Die PUK se houding teenoor Fort Hare sou enkele jare later baie skerp in die kollig kom.

‘n Minder aangename episode in die geskiedenis van die PUK was die aanranding deur ‘n groepie losieshuisbewoners op ‘n aantal natuurle, in Oktober 1942. Van die kant van die universiteitsowerhede is die saak in ‘n baie ernstige lig beskou en na diepgaande ondersoek en verhoor is daar streng teen die belhamels opgetree. Party is geskors, ander hul beurse ontnem, gedragstifikate is geweier en andere is net berispe. Ook is briewe aan hul ouers versend waarin volle besonderhede omtrent die gebeure en die strawwe vervat is.¹²²

In Februarie 1943 is dit “volksman” JC van Rooy wat, in ‘n uiteensetting getiteld “Die organisasie van ons volkslewe en die taak van Christelike hoër onderwys in verband daarmee”, sydelings ook die kollig op rasseverhoudinge laat val. Die Afrikaner het lankal reeds sy beleid van segregasie en voogdyskap uitgewerk, veral sover dit sy verhouding tot die primitiewe rasse betref. In die praktyk is die deurvoering van sy beleid egter deur die liberalistiese Britse imperialisme belemmer en bestry en is daar vir die Afrikanerdom ‘n groot bedreiging indien die Britse imperialisme in bondgenootskap met Sowjet-Rusland ‘n oorwinning in die oorlog behaal.

Van Rooy verbind hierdie “lewensterrein” met andere in lyn met die hoë en verhewe ideaal van die Calvinisties-Christelike lewens- en wêreldbeskouing van die PUK, wat meteen ook dié van die Afrikanervolk is: “In sy opleiding en vorming van die jeug trag die

P.U.K. om, na die beste van sy vermoë, dit te doen streng volgens die beginsels van die Calvinistiese wêreld- en lewensbeskouing. En van sy gevormde studente verwag die P.U.K. dat hulle self ook op die verskillende lewensterreine waarop hulle later hul arbeid verrig en hul lewensbestemming volbring, draers en propageerders sal wees van die genoemde wêreld- en lewensbeskouing.”¹²³

‘n Ander PUK-dosent wat hom in hierdie tyd aan uitsprake oor die kwessie van rasseverhoudinge gewaag het en wat vorentoe nog sterk in die branding sou staan, was die jong en energieke Geskiedenisdosent DW Krüger. Terugskouend het hy destyds profetiese insigte openbaar.

Die ontstaan van ‘n nuwe blanke nasie in Suid-Afrika, as draer van die Wes-Europese beskawing, is deur hom toegeskryf aan die Godgegewe instink tot selfbehoud en handhawing van individualiteit. Maar hy besef, “weselik is Suid-Afrika nie blank nie, maar ‘n swartmansland” en kom met ‘n voorspelling: “Gegewe konstante faktore, kan byna met matematiiese sekerheid bereken word hoeveel jaar dit nog sal duur eer die naam ‘Afrikanernasie’ slegs ‘n herinnering sal wees.”

Grootskeepse immigrasie uit Europese stamlande kan wel die blanke bevolking versterk, maar van Afrikanerkant is daar vrees “dat die immigrante hulle by die Engelse kultuurgroep skaar sodat uiteindelik, sou die blanke ras gered word van ondergang, die Afrikanernasie ondergeploeg sal word”.

As die blankes “volhard in die proses van selfmoord”, naamlik om te weier om meer kinders te hê, is die enigste redmiddel “drastiese en selfs gewelddadige territoriale segregasie van die hele Bantoeras in gebiede soos Suid-Rhodesië e.a. wat deur die blankes geheel en al ontruim moet word”.¹²⁴ Met hierdie uitspraak sluit Krüger baie nou aan by oudstudent Hugo du Plessis, wat ook sterk sieninge gehad ook gebiedskeiding tussen blank en swart en gevoel het dat swart mense by wyse van ‘n internasionale reëling buite die grense van Suid-Afrika as “witmansland” gevestig behoort te word, onder andere in Suidwes-Afrika en die Protektorate.¹²⁵

Op ‘n AB-geïnspireerde volkskongres oor die rassebeleid wat in 1944 te Bloemfontein gehou is, is die PUK verteenwoordig deur twee van sy “groot kanonne”, naamlik prof JC van Rooy, wat as voorsitter die openingsrede gehou het, en JD du Toit (Totius), wat die godsdienstige grondslae van die segregasiebeleid aan sy toehoorders uitgespel het.¹²⁶

4.4.8 Akademiese segregasie

Teenoor die teoretiese bespiegeling en beredeneringe oor die kwessie van rasseverhoudinge, sou die PUK in die veertigerjare by verskeie geleenthede ook in die praktyk getoets word oor sy huishoudelike beleid in hierdie verband. Die kwessie van akkommodering van anderskleurige studente maak sporadies sy verskyning in die opgetekende rekords van die PUK, maar ongelukkig is hierdie verwysings meestal te kripties en ontbreek dit grootliks aan ondersteunende data om die presiese werklikheid te kan rekonstrueer.

So byvoorbeeld dien daar in Maart 1939 ‘n aansoek voor die Senaat en Raad van ‘n gekleurde student om eksamens af te lê. Die Raad het dit na die Senaat terugverwys “ten einde te verneem of dit moontlik sou wees om die praktiese eksamens te laat doen in ‘n gebou buite die P.U.K.-gronde”.¹²⁷ Daar is met goedkeuring kennis geneem, en waarskynlik ‘n sug van verligting geslaak by ontvangs van die nuus dat weens verskeie probleme hierdie praktiese eksamens nie meer aan die PUK afgeneem sou word nie.¹²⁸

In die loop van 1940 is weer kennis geneem van ‘n brief van die registrateur van die Universiteit van Suid-Afrika, rakende die toelating van nie-blanke gegradueerdes by gradeplegtighede.¹²⁹ As PUK standpunt is deurgegee “dat die beleid gehandhaaf word soos voorheen, nl. dat nie-blankes nie tot die promosie-plegtighede van die samestellende kolleges toegelaat sal word nie”.¹³⁰

Vir sover vasgestel kon word, het die teoretiese probleem vir die eerste keer in 1942 ‘n werklikheid geword toe ‘n swart man sy graad tydens die gradeplegtigheid te Potchefstroom moes ontvang. Rektor Postma, wat as visekanselier van die Universiteit van Suid-Afrika die sertifikate moes teken, het seker

gemaak – en dit is deur die registrateur bevestig – dat die graad “in absentia” toegeken sou word. Dit kon egter nie verhinder word dat sy naam in die amptelike program verskyn nie.¹³¹

Hierdie student, wat skynbaar die heel eerste swart student was wat tydens ‘n gradeplegtigheid aan die PUK sy graad verkry het, was Moëketse Daniël Mohapelo, aan wie die BA-graad toegeken is.¹³² Tussen die altesaam twintig ander studente (almal blankes) wat ook nie teenwoordig was om hul sertifikate persoonlik te ontvang nie, het hierdie “prestasie” van Mohapelo ongemerk gebly en spoedig in die vergetelheid weggesink.

Einde Mei 1944 dien daar ook ‘n versoek van ‘n Indiër, mnr TM Aboobaker, om as student in aptekerswese aan die PUK te registreer. Van ‘n voorlopige antwoord van die rektor aan die applikant is kennis geneem en die Senaat is versoek om op die beginselaspek van die saak in te gaan. Terselfdertyd is ook te berde gebring ‘n uitnodiging om in September aan ‘n nasionale konferensie oor na-oorlogse welsynsbeleid van die Departement Volkswelsyn en Demobilisasie deel te neem “en waarop welig die segregasie-beleid nie doeltreffend gehandhaaf mag word nie”. Ook hierdie saak is na die Raad verwys.¹³³

Die Senaatsbestuur se gevoel oor Aboobaker was “dat hierdie Inrigting geen voorsiening maak vir Indiër-studente nie en dat hy derhalwe nie toegelaat kan word nie”. By die Raad word aanbeveel dat segregasie as beginsel ook ten opsigte van universitêre onderwys aanvaar word en dat die afsonderlike geriewe wat vir akkommodasie van gekleurdes vereis word, nie deur die PUK voorsien kan word nie.¹³⁴ Die Raad het kennis geneem van beide sake en na bespreking eenparig besluit om ‘n aanbeveling van die Senaat goed

Eksterne studente (in absentia).—External students (in absentia).

I. Graad van Baccalaureus Artium.—Degree of Bachelor of Arts.

(Vakke waarin kandidate met lof geslaag het word in hakies agter hulle name aangedui).

(Subjects in which candidates have obtained honours are given in brackets after their names).

Anderson, Jacobus Petrus.

Bauman, Richard Alexander (Latyn, Romeinse Reg.—
Latin, Roman Law).

Botha, Ebenezer.

Cronje, Pieter Johannes.

De Groot, Cornelis Gysbertus

De Wit, Joachim Jacobus.

Erber, Anna

Fouche, Lukas Ignatius.

Jooste, Frederik.

Kyrein, Catherine Hermine.

Mohapelo, Moëketse Daniel.

Prinsloo, Pieter Willem.

Stals, Philippus Petrus.

Swanepoel, Pieter Andries

Van Heerden, Jacobus Johanres.

Van Huyssteen, Jacobus Francois Adriaan.

Van Nikkelen-Knyper, Maurits Nicolaas.

Vermooten, Ferdinand.

Wichmann, Siegfried Wilhelm.

Zimmermann, Mary

4.4.12

MD Mohapelo was waarskynlik die eerste swart student (ekstern) wat sy graad tydens ‘n plegtigheid op Potchefstroom ontvang het ... maar “in absentia”.



te keur, “nl. om aan die P.U.K. die segregasiebeleid streng toe te pas”. Hiervolgens sou Aboobaker ingelig word “dat die Raad geen voorsiening vir hom kan maak nie”. Wat die beplande konferensie betref, is besluit om die standpunt van die Universiteit van Pretoria, soos vervat in ‘n brief van UP-registrateur gedateer 23 Mei 1944, te onderskryf.¹³⁵ Hierdie brief kon nie opgespoor word nie, maar wat die strekking daarvan was, kom duidelik na vore uit die verdere hantering van die saak op die PUK-kampus.

Prof JP van der Merwe het die PUK op die reëlingskomitee vir die welsynskonferensie verteenwoordig. Uit sy verslaggewing reeds voor die hou van die konferensie het dit geblyk “dat die beginsel van segregasie tussen blank en nie-blank by die konferensie nie bevredigend toegepas sal word nie, aangesien nie-blankes toegelaat sal word om saam met blankes oor alle onderwerpe te konfereer”. Aanduidings was dat die Afrikaanse universitêre inrigtings onder hierdie omstandighede nie sou saamwerk nie.¹³⁶ Van der Merwe het opdrag ontvang om hom as lid van die reëlingskomitee te onttrek en PUK-deelname is, ewe-as dié van die ander Afrikaanse inrigtings, gekanselleer. Van der Merwe is geloof vir sy “taktvolle en beginselvaste houding”.¹³⁷

Die onttrekking van die PUK en die drie ander Afrikaanse universiteite aan die konferensie is skerp deur die minister van Volkswelsyn, HG Lawrence, gekritiseer en wel omdat hulle dan aanvanklik wel tot bywoning bereid was. Dit het tot ‘n uitgebreide polemieksgelei waarby die UP-rektor, prof MC Botha, asook prof G Cronjé (UP) en prof H Keyter (UKOVS) betrek is. Botha het ten sterkste ontken dat hy en sy kollegas aan die ander universiteite “slaafse navolgers” van die Nasionale Party was. Hy het ook daarop gewys dat hulle gevra het vir aparte en dus “doeltreffender” konferensies en dat die beginsel van apartheid in die huidige omstandighede “moontlik prysgegee (kan) word sonder om aan skynheiligheid skuldig te wees”.¹³⁸

Vanweë die rimpelings oor die PUK en die ander drie universiteite se onttrekking van die konferensie het die komitee vir Interne Beheer by die Raad aanbeveel om, indien nodig, alle korrespondensie te publiseer wat die PUK genoodsaak het om hom van deelname aan die konferensie te distansieer. In die hele relletjie het korrespondensie wat deur Van der Merwe met die organiseerders gevoer is, oor die karakter van die byeenkoms, ‘n sleutelrol gespeel in die besluit om te onttrek.¹³⁹ As uitvloeisel van die verwickelinge rondom hierdie konferensie het prof van der Merwe voorgestel dat die PUK ‘n vaste beleid insake segregasie kry.¹⁴⁰



4.4.13

Prof JP van der Merwe... redes vir die mislukking van konferensie lê opgesluit in sy korrespondensie met die organiseerders.

Die behoefte aan ‘n vaste beleid is pas hierna verskerp toe, in November 1944, deur die Universiteit van Suid-Afrika navraag gedoen het in verband met die afneem van praktiese eksamens van eksterne nie-blanke studente. PUK se prof DJ van Rooy, in sy hoedanigheid as dekaan van die federale instelling se Fakulteit Natuurwetenskappe, het persoonlik die versoek aan die Senaatsbestuur voorgelê. Hierdie liggaam se aanbeveling was dat die PUK tot sy spyt nie aan die versoek kon voldoen nie.¹⁴¹ Die Senaat het egter gehuiwer en die Fakulteit Natuurwetenskappe versoek om ondersoek in te stel “in hoeverre fasiliteite verskaf kan word met inagneming van die segregasie-beginsel”.¹⁴² Die fakulteit se reaksie is verwoord in die volgende besluit: “Die P.U.K. kan en wil op hierdie stadium geen gedragslyn neerlê nie, maar is gewillig om elk aansoek op eie meriete te behandel, en waar moontlik, met behoorlike inagneming van die segregasie-beginsel, die nodige fasiliteite te verskaf.”¹⁴³

Die bal is hierna so effens rondgegooi: van Fakulteit na Senaatsbestuur, van laasgenoemde na die Senaat, toe weer terug na die Senaatsbestuur – wat, ná bespreking van “sekere aspekte” daarvan, besluit het om van die saak af te stap. En die Senaat gaan akkoord!¹⁴⁴

Maar die baba is nie heelhuids saam met die badwater by die deur uit nie. In Mei 1945 het prof J Chr Coetzee die saak probeer beredder met ‘n voorstel dat die eksamens by ‘n nie-blanke skool met ‘n gimnasium afgeneem kan word.¹⁴⁵ Hierna kom daar tog ‘n senaatsaanbeveling by die komitee vir Interne Beheer en by die Raad uit en word dit goedgekeur, naamlik dat sodanige studente praktiese eksamens mog aflê “mits die segregasie-beleid doeltreffend gehandhaaf word”. Elke geval sou steeds op meriete behandel word.¹⁴⁶

XI—HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM—HONOURS BACHELOR OF ARTS.

1. INTERNE STUDENTE VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.—INTERNAL STUDENTS OF THE P.U.C. FOR C.H.E.

	Departement/Department.
BADENHORST, Jacobus Cornelius Wilhelmus, B.A.	Hollands/Dutch.
BARNARD, Pieter Nicolaas, B.A.	Sosiologie/Sociology.
BARNARD, Tjaard Johannes, B.A.	Geskiedenis/History.
BOTHA, Johan Floris, B.A. (cum laude).	Filosofie/Philosophy.
DE KLERK, Willem Johannes, B.A. (cum laude).	Filosofie/Philosophy.
DU PLESSIS, Jacobus Stefanus, M.A. (cum laude).	Staatsleer/Politics.
GOOSEN, Johannes Christiaan, B.A.	Geskiedenis/History.
JACOBS, Jacobus Johannes, B.A.	Geskiedenis/History.
JANSE VAN RENSBURG, Nicolaas Jacobus, B.A.	Sielkunde/Psychology.
KRUGER, Abraham Johannes, B.A.	Sielkunde/Psychology.
KRUGER, Barend Johannes, B.A.	Geskiedenis/History.
LOUW, Hugo Amos, B.A.	Sielkunde/Psychology.
POSTMA, Philippus Snyman, B.A. (cum laude).	Sielkunde/Psychology.
VAN DER WALT, Petrus Duvenage, B.A. (cum laude).	Hollands/Dutch.
WALLIS, Hermanus Christoffel, B.A.	Geskiedenis/History.
WINTERBACH, Tobias Johannes, B.A.	Geskiedenis/History.

2. EKSTERNE STUDENT (IN PRAESENTIA)—EXTERNAL STUDENT (IN PRAESENTIA).

FEIT, Ewald, B.A.	Staatsleer/Politics.
------------------------	----------------------

3. EKSTERNE STUDENTE (IN ABSENTIA)—EXTERNAL STUDENTS (IN ABSENTIA).

JACOBS, Paul Jacobus, B.A.	Hollands/Dutch.
KROES, Hendrik, B.A.	Engels/English.
LEKHELA, Simon McDover Mohau, B.A.	Geskiedenis/History.
ROSE, Brian Waldron, B.A. (cum laude).	Engels/English.
VERWEY, Frederik Antonie, B.A.	Sielkunde/Psychology.

4.4.14

Uittreksel uit gradedagprogram 1949. Let op na SMM Lekhela, derde van onder.



4.4.15

SMM Lekhela – die eerste swart persoon wat ‘n graad na studie by die PUK verwerf het (Honns BA Geskiedenis), in 1949.

toestemming van hierdie Senaat ons interne vraestelle geskryf het, die eksamen met goeie gevolg afgelê het. Die Senaat het ook vroeër toestemming verleen dat prof Krüger die kandidaat leiding mag verskaf. Met dank aan prof Krüger word hiervan kennis geneem.”
148

Heel waarskynlik was Simon McDover Mohau Lekhela die eerste swart persoon wat ‘n gevorderde graad deur die PUK verwerf het. Maar, soos in 1942, het die destydse landsbeleid (nou aangedui as “apartheid” en nie meer die “segregasie” van 1942 en vroeër nie) dit nie moontlik gemaak dat hy sy graad persoonlik op die gradeplegtigheid van 14 Mei 1949 in ontvangs kon neem nie en is dit by senaatsbesluit “in absentia” aan hom toegeken. Die betrokke notule maak egter melding van “grade ... aan naturelle” (meervoud) en kan die indruk skep dat meerdere sodanige toekennings wel gemaak kon gewees het. Lekhele se naam verskyn wel in die program van die gradeplegtigheid, maar die amptelike lys van gegradueerdes, soos opgeneem in die PUK-jaarboeke, vermeld nóg Lekhela nóg enige ander name.

Wat wel gebeur het is dat ‘n eksterne BA-graad ook in absentia toegeken is aan Richard Lepene Tahiki Tshaka, terwyl ‘n soortgelyke graad, ook in absentia, verwerf is deur Joseph AM Naidoo, ‘n interne student van die Natalse Universiteitskollege.

Op die senaatsvergadering vroeg in 1945 het daar ook ‘n versoek gedien van dr DW Krüger “insake leiding aan ‘n nie-blanke M.A.-student”. Die Senaatsbestuur het geen probleme gehad dat die betrokke ¹⁴⁷ eksterne student die nodige leiding ontvang nie.

Die betrokke student was “Naturel Lekhela”, oor wie daar in ‘n senaatsnotule vroeg in Maart 1949 soos volg gerapporteer word: “Prof Krüger rapporteer dat hierdie naturel wat ‘n kandidaat was by die jongste Honneurs B.A.-eksamen in Geskiedenis en met



In die voorwoord tot sy later afgehandelde MA-verhandeling (Universiteit van Suid-Afrika, 1955), maar ook in sy latere herinneringe, was Lekhela baie erkentlik teenoor die ruim mate van hulp en ondersteuning wat hy veral van prof Krüger en mnr HC van Rooy, bibliotekaris, ontvang het. Hy het ook aangename herinneringe aan prof Joon van Rooy – en vertel met ‘n tikkie ironie maar tog ook met smaak hoedat hy sy eksamens van agter die gordyn in die eksamenlokaal moes aflê.¹⁴⁹

Tydens ‘n besoek van prof AJH van der Walt aan die Universiteitskollege van Fort Hare in 1945 het een van die studente aldaar, WJ Bergins, by hom navraag gedoen oor die BD-leerplan by die PUK. Volgens Van der Walt het Bergins dit duidelik gestel “dat hy nie daarmee wil te kenne gee dat hy om toelating tot die P.U.K. geregtig is, of daarom wil aansoek doen nie”. Van der Walt het die registrateur versoek om aan Bergins, wat voorsitter was van die Afrikaanse Studiekring te Fort Hare, ‘n jaarboek van die PUK te stuur.¹⁵⁰ Daar is nie weer van Bergins gehoor nie.

In Mei 1947 hanteer die Senaat weer ‘n navraag van ene SJ Letanka insake PUK se promosieplegtigheid. Niks oor die aard van die navraag blyk uit die kriptiese notulehouding van destyds nie – en van die betrokke brief is geen spoor in die PUK-argief gevind nie.¹⁵¹

In 1949 sou praktiese eksamens van nie-blanke studente van die Universiteit van Suid-Afrika by die PUK afgeneem word. Aanvanklik was daar huiwering en is besluit om eers vas te stel hoeveel studente betrokke sou wees. Dit het toe geblyk dat van die veertien vir Biologie en Dierkunde eersgenoemdes dalk elders geholpe sou raak. Wat die res betref, sou die Universiteit van Suid-Afrika gevra word om die eksamens in Desember te skeduleer – opsigtelik omdat die eie studente dan met vakansie sou wees. Die saak is verder aan die Fakulteit Natuurwetenskappe oorgelaat.¹⁵²

Vroeg in 1950 kom daar verdere druk op die PUK. ‘n Groep swartes versoek skriftelik om as deeltydse studente aan die PUK te kan inskryf, maar word volgens senaatsbesluit verwittig “dat die wet dit verbied”. Die saak is egter na die Senaatsbestuur verwys, om saam met proff DW Krüger en JS van der Merwe verder daaroor te besin.¹⁵³

Daar word tog ‘n uitweg gevind. Dosente is toestemming verleen om die swartes behulpsaam te wees, maar die betrokke swartes moet elkeen persoonlik met die dosente reëlins tref. Hulle sal ook eksterne eksamens skryf. Daar sal nie vaste klasse wees nie; net sporadiese ontmoetings. Betrokke dosente sal byeenkom om ‘n beleid neer te lê. Die naamlys is aan prof Eiselen gegee, wat die dosente oor

die saak sou pols. Tydens die senaatsvergadering, waar die verslag en aanbevelings van die Senaatsbestuur aanvaar is, is ook bepaal dat elke personeelid wat wil meewerk, sy naam aan die rektor sou verskaf.¹⁵⁴

Op 7 Junie word aan die Senaat berig: “Van geen aansoeke is aan die Rektor kennis gegee nie; een student het hom aangemeld vir Aardrykskunde en een vir Sielkunde; hulp word aan hulle verskaf, sonder vergoeding.”¹⁵⁵

In April 1948 word daar besonderhede van die WNNR ontvang in verband met nagraadse reisbeurse wat deur die firma Goldsmith en Kie aangebied word en aangewend kan word vir studie in die lidlande van die Britse Ryk. Maar op die PUK-kampus was daar onrustigheid en is besluit om die WNNR in kennis te stel dat, aangesien die kleurprobleem moeilikhede kan oplewer, daar bloot net van die saak kennis geneem word.¹⁵⁶

Sensitiwiteit ten opsigte van die handhawing van die segregasiebeleid spreek ook uit die uitnodiging na ‘n jeugkonferensie wat deur die Unie-Onderwysdepartement aangebied sou word, vroeg in 1949. Dr HJJ Bingle en mnr JH Coetzee is as die PUK se verteenwoordigers benoem, maar voorwaardelik: “Eers moet navraag gedoen word of die kleurskeidslyn gehandhaaf sal word.” Skynbaar was daar nie probleme nie want in Maart word dr Bingle bedank vir sy verslag oor die konferensie en word die saak voorlopig van die agenda verwyder.¹⁵⁷

4.4.9 Eerwaarde Scott, ‘n VVO-navraag, Fort Hare en SABRA

Die rassevraagstuk en Suid-Afrika se hantering daarvan sou na afloop van die Tweede Wêreldoorlog fel in die kollig staan en ook op die PUK-kampus standpuntinname verg.

Voortvloeiend uit die oorlogsomstandighede het ‘n organisasie Veldtog vir Reg en Geregtheid onder voorsitterskap van eerwaarde Michael Scott laat in 1945 beslag gekry. ‘n Nasionale konferensie oor streeksontwikkeling in Suid-Afrika is vir Desember dié jaar in Johannesburg gereël, met onder meer streeksontwikkeling en rasseverhoudinge as ‘n agendapunt.

‘n Uitnodiging om dit by te woon het huiwering in PUK-geledere ontketen en in opdrag van die Senaat is eers ondersoek ingestel “of die Segregasiebeleid, soos ons Kollege dit interpreteer”, tydens die konferensie gehandhaaf sou word, “d.w.s. dat daar geen gemengde samesprekings tussen blankes en gekleurdes sal plaasvind nie”.¹⁵⁸



Eerwaarde Michael Scott se naam sou vorentoe telkens opduik, namate die internasionale gemeenskap die skroef teen die Suid-Afrikaanse apartheidsbeleid al stywer begin vasdraai het.

‘n Totaal nuwe element, ‘n nuwe rolspeler, het ook nou die toneel van universiteitsontwikkeling betree: die Verenigde Volkere Organisasie, wat vorentoe as dokter en polisieman maar ook as gewete van die volkere van die ontwirte en verwronge oorlogsgeteisterde wêreld moes optree.

In Augustus 1946 kom daar dan nog ‘n vlieg in die salfpot van afsonderlike akademiese opleiding vir wit en swart, toe rektor Postma enige mededeling doen rakende ‘n navraag deur die departement van Onderwys “insake aansoeke van Indiërs om toelating tot hierdie Inrigting, aangesien dergelike aangeleenthede deur die V.V.O. in Amerika bespreek word”.¹⁵⁹ Wat die aard van hierdie mededeling was, en wat verder met die saak gebeur het, is nie bekend nie.

Daar sou ook ernstig besin moes word oor die plek en status van die Suid-Afrikaanse Naturelle Kollege, Fort Hare, wat kort na die einde van die oorlog, met sy ongeveer 320 studente, nog te klein was vir volledige universiteitstatus maar begin aandring het op opname binne die federale verband van die Universiteit van Suid-Afrika. ‘n Pleidooi in dié verband is dan ook gelewer tydens die gradedagseremonie van Fort Hare op 6 Mei 1946.¹⁶⁰ Vanuit sommige oorde het ondersteuning gekom, maar uit ander kringe was daar sterk verset en vrees vir rassewrywing as hul verteenwoordigers sitting op die Raad en Senaat van die federale universiteit sou kry.¹⁶¹

Die PUK-Raad het hom sterk uitgespreek teen opname van Fort Hare en sou die saak “beveg”, terwyl as alternatief gestel is dat ‘n aparte universiteit vir nie-blankes in die lewe geroep word. Terselfdertyd is ‘n kommissie aangestel om die saak “sowel as die hele aangeleentheid van die verhouding van die P.U.K. tot die Universiteit van Suid-Afrika te ondersoek”.¹⁶²

Rektor Postma het hierdie benadering in ‘n kort bydrae in die PUK-oudstudenteblad, getiteld “ ‘n Federale Universiteit vir Nie-Blankes”, nader ontleed. Uitgaande van die voogdybeginsel, wat nie maar net ‘n eufemisme vir oorheersing of onderdrukking moes wees nie, wys Postma daarop dat daar ‘n groot behoefte aan hoër onderwys vir naturelle is en striem hy menings in veral Afrikaanse koerante dat hoër onderwys vir naturelle onnodig en selfs gevaarlik is. Intendeel: “Daar moet voorsiening gemaak word, veel meer en veel beter as wat tot dusver die geval was.”

Postma onderskryf die uiteindelijke doelstelling van die hoof van Fort Hare, dr Kerr, naamlik ‘n onafhanklike

universiteit vir nie-blankes, as synde immers in lyn met die gesonde segregasiebeginsel. Vir die tussentydse inskakeling by die federale opset sien Postma egter nie kans nie. Dit sal beteken dat ook ‘n pasgestigte Naturelle Kollege in Pretoria en later kolleges vir Indiërs en Kleurlinge opgeneem sal moet word. Daarmee sal die skeidslyn tussen blankes en nie-blankes heeltemal opgehef word, sal alle universiteite en kolleges vir almal oopgemaak moet word. Dit sal ongewens wees, nie die steun van die stemgeregtigdes wegdra nie, en chaos en eindelose moeilikhede en probleme skep.

‘n Beter en gesonder oplossing is, volgens Postma, die stigting van ‘n federale universiteit vir nie-blankes. Die verwagte hoë koste hiervan behoort nie in die weg daarvan te staan om aan die nie-blankes te gee waartoe hulle reg het nie; wat wetenskaplike gehalte sowel as fasiliteite betref, moet dit ook nie minderwaardig wees nie. Die weg moet geopen word vir alle nie-blankes om langs eie bane wetenskaplik te ontwikkel, wat ‘n baie groot bate vir die Unie in die toekoms sal wees.¹⁶³

Die plek en status van Fort Hare het pertinent na vore gekom nadat die Universiteitskollege van Natal vroeg in 1946 te kenne gegee het dat hy ‘n selfstandige universiteit wou word. Aangesien ook ander samestellende kolleges in hierdie rigting begin dink het, is ‘n regeringskommissie onder voorsitterskap van senator Edgar H Brookes aangewys om die toekoms van die Universiteit van Suid-Afrika te ondersoek.¹⁶⁴ In hierdie ondersoek het die posisie van Fort Hare baie pertinent gefigureer en is die PUK-standpunte in dié verband duidelik geformuleer.

In ‘n kort vraelys van die kommissie handel drie van die ses vrae oor Fort Hare. Die eerste hiervan: Is daar beswaar teen Fort Hare as samestellende kollege? Indien wel, gee redes. Die PUK-antwoord was ja, beslis, “aangesien ons ‘n beleid van segregasie tussen blank en nie-blank ook op universitêre gebied voorstaan”. “Ja, beslis” was ook die antwoord op die volgende vraag, naamlik of daar beswaar is dat Fort Hare-personeel sitting in die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika moes hê.

Oor die derde vraag, of daar besware sal wees teen die vervanging van die federale Senaat deur ‘n kleiner prinsipale kommissie, is die antwoord voorbehou tot na raadpleging van die eie Raad en Senaat einde Februarie 1947. In ‘n latere toevoeging is gemeld dat ‘n nie-blanke op die klein regerende kommissie “opheffing van die beginsel van apartheid op universitêre gebied beteken” en dat daar dus ook besliste beswaar daarteen sou wees.¹⁶⁵ ‘n Eksemplaar van *Die Veteraan* bevattende prof Postma se bogenoemde artikel oor die saak is ook aan die kommissie besorg en op 19 Februarie is die saak deur die PUK-Senaat beredeneer.¹⁶⁶ Nadat



die kommissie op 7 Maart besoek gebring het aan die PUK om verdere getuienis aan te hoor; word op 19 Maart gerapporteer dat die algemene indruk gunstig is “en blykbaar sal geen moeilikheid ondervind word nie”. Daarmee is afgestap van die Fort Hare-aangeleentheid.¹⁶⁷

Die Brookes-kommissie (**kyk hoofstuk 5.2, onder**) se uiteindelijke aanbeveling dat Fort Hare met die Rhodes Universiteit affilieer en mettertyd tot selfstandige universiteit groei, is gelate deur Postma aanvaar as ‘n “gedeeltelike” handhawing van die segregasiebeginsel. Dit was ook, volgens hom, die grootste probleem waarmee die kommissie te doen gehad het “want hiermee hang saam die hele nie-blankevraagstuk”. As Fort Hare tot samestellende kollege van die Universiteit van Suid-Afrika verhef was, sou “groot en onverkwiklike moeilikhede” ontstaan het. Postma was steeds van oordeel dat dit nou die geskikte tyd was om ‘n federale universiteit vir nie-blankes in die lewe te roep. Die kommissie was egter van oordeel dat die voorstel met vrug ondersoek kon word as en wanneer Fort Hare ‘n selfstandige universiteit word.

In antwoord op die eerste vraag van die vraelys van die Brookes-kommissie het die PUK sy voorneme laat blyk om ook van die federale universiteit af te skei en feitlik alle aandag in en om die PUK sou in die komende paar jaar op hierdie lonkende ideaal toegespits wees. Selfs die kwessie van apartheid of segregasie, wat baie sterk op die voorgrond sou tree in die opspraakwekkende verkiesing van 1948, sou nie juis prominent in aktiwiteite van die begeesterde akademici op die Bult figureer nie.

In Augustus 1947, met verkiesingskoors aan die toeneem en die rassevraagstuk al hoe meer op die voorgrond, doen die Verenigde Nasionale Party (VP) navraag in verband met die PUK se sieninge en standpunt in hierdie verband. Deur die Senaatsbestuur, waar die saak gedien het, is besluit dat ‘n kommissie bestaande uit proff JC van Rooy (sameroeper), JP van der Merwe en DW Krüger ‘n memorandum namens die PUK sou opstel, wat dan aan die party voorgelê sou word “mits die versekering gegee word dat dit nie vir politieke doeleindes gebruik sal word nie”.¹⁶⁸

Ses maande later en nadat by twee geleenthede “nog besig” en “nog ondersoek” gerapporteer is, deel prof van Rooy “mee dat “invloedryke persone” besig is om ‘n nasionale organisasie op die been te kry wat op die saak in sy geheel sal ingaan en word gevolglik besluit om van die saak af te stap.”¹⁶⁹

Die organisasie waarna hier verwys is, was die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (SABRA), wat op 23 September 1948 op inisiatief van die Afrikaner Broederbond (AB) as koördinerende liggaam

vir formulering van beleid en hantering van praktiese aspekte rakende die swartmense sy beslag gekry het. Die studie van rasse-aangeleenthede en bevordering van goeie gesindhede tussen die rasse-groepe is as oogmerke nagestreef. Van Rooy, op dié stadium voorsitter van die AB, was een van die stigterslede.¹⁷⁰

Op 6 April 1949 het die Senaatsbestuur affilasie by SABRA aanbeveel en dit is kort hierna goedgekeur.¹⁷¹

Teen die einde van 1950 is die Tomlinson-kommissie deur die regering aangewys om die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die natuurlegebiede binne die Unie van Suid-Afrika onder die loop te neem. Dat die “natuurleprobleem” met toenemende erns bejeen is, ly geen twyfel nie.

4.4.10 DW Krüger dui “Koers” aan

Met LJ du Plessis vanaf 1946 tydelik uit die prentjie, het historikus DW Krüger die rol oorgeneem van segsman en kommentator oor binnelandse en buitelandse politieke gebeure vir die meningsvormende semi-amptelike PUK mondstuk *Koers*. In Februarie 1948, op die vooraand van die algemene verkiesing, onderskei hy twee rigtings in die land se kleurbeleid, naamlik JH Hofmeyr se liberale “Christelike voorgedyskap” en die Christelik gefundeerde tradisionele beleid van segregasie of apartheid. Daar is egter ‘n wêreld se verskil tussen die twee, met die eerste “wat prakties binne afsienbare tyd moet lei tot volkome gelykstelling en dan kan dit byna matematies bereken word hoe lank die blanke Christelike beskawing in hierdie land nog sal bestaan”.¹⁷²

Nog voor die verkiesing¹⁷³ maar ook daarna was Krüger van opinie dat daar nie drastiese stappe vir die implementering van die beleid van segregasie verwag kon word nie, vanweë die klein meerderheid van die Nasionale regering.¹⁷⁴ Teen die einde van 1948 merk hy “met toorn en ontsteltenis” op “dat stamverwante volkere van die Weste hulle met die kommunistiese Ooste verenig om ons aan te val oor ons natuurlebeleid”.

Hy steek egter ook hand in eie boesem en pleit dat die sin vir regverdigheid teenoor nie-blankes nie verloor mag word nie, en sê dat daar nog te veel baasskap sonder kompensasie is. “Hoofsaak”, vervolg hy, “is dat die ontwikkeling van die twee hoofrasse parallel behoort te wees in bane wat mekaar nie kruis nie. In so ‘n geval kan die ontwikkelde natuur as ‘gelyke’ erken word sonder gevaar of wrywing.”

Krüger formuleer ‘n missie: “Dit is ook veral noodsaaklik om natuurle-opvoeders en -leiers te kweek wat eendag self die taak van voorgedyskap van

ons skouers kan afneem. Daarom moet apartheid of parallelisme as ‘n langtermyn beleid gesien word wat groot pligte en verantwoordelikhede meebring totdat die tyd van ontvoogding eenmaal noodwendig sal aanbreek.”¹⁷⁵

Op die vooraand van die inwyding van die Voortrekkermonument in Desember 1949 sê Krüger dat “Afrikaanssprekende S.A. en ‘n groot deel van ons Engelssprekende medeburgers al sat (is) van die gelykstellingsnonsens” en verwelkom hy die aanstelling van dr Werner Eiselen as sekretaris van die Departement van Naturellesake omdat hy met “apartheid” iets konkreet voorstaan, naamlik die uiteindelijke territoriale skeiding tussen blank en swart. Teenoor Nederland wat “krampagtig sy voogdyskap oor die inheemse bevolking van Indonesië probeer handhaaf, is dit juis blank Suid-Afrika se diepste verlange om ‘n afstand te plaas tussen blanke en naturel, blanke en kleurling, blanke en Indiër”. Hy voorsien dat die Indiërvraagstuk dalk nog ernstiger gaan word as dié van die verhouding tot die naturelle.¹⁷⁶


Met verwysing na die kleurbeleid van die Voortrekkers, dui Krüger aan dat die Afrikaner verkeerdlik as onderdrukker in plaas van beskermmer van die inboorlinge beskou word. Hy noem apartheid ‘n dinamiese begrip, toegepas volgens die eise van die tyd maar fundamenteel orals en altyd dieselfde, naamlik “afskieding tussen blank en gekleur op alle lewensterreine sodat die blanke Christelike beskawing kan voortbestaan ook ten voordele van die inheemse bevolking.” Gedagtig aan die storm van kritiek en

die openlike vyandskap van ‘n groot deel van die wêreld, en met verwysing na die propagering van die gelykstellingsbeleid as die ware Christelike en demokratiese weg, sê hy dat die toets aan die huidige geslag nog groter gaan wees as aan die Voortrekkers: “Maar ons kan nie soos hulle ons land verlaat en deur isolasie in die vreemde die probleem oplos nie. Hier sal ons saam moet staan en die kleurprobleem langs tradisionele lyne oplos of saam ondergaan en intussen soos eenmaal die Voortrekkers verwagting staar na die horison waarbo die ster van vryheid lonk.”¹⁷⁷

‘n Jaar later is dit vir Krüger ‘n bitter pil dat ‘n naturelle-leier op 16 Desember “met wrewel in sy hart en dwaasheid in sy hoof Dingaan huldig as groot kampvegter van inboorlingvryheid teen die opdringende Boere-veroweraars”. Dit toon aan dat die naturelle slegs ‘n negatiewe betekenis aan die Voortrekkermonument heg, dit as die triomf van blanke baasskap beskou. Hy merk ook op dat onluste en demonstrasies al hoe meer voorkom, dat die verset veral teen Afrikaners gemik is: “‘Boer’ word sinoniem met onderdrukker, en alle getuienis tot die teendeel word geïgnoreer ... Net soos honderd jaar gelede is daar weer blankes wat hulle voordoen as die kampioene en pleitbesorgers van die inboorlinge, tot skade van Suid-Afrika as geheel.”¹⁷⁸

Wat betref die rasse- of kleurprobleem, was die PUK ‘n kind van sy herkoms, sy tyd en sy omgewing. Die Gereformeerde-Kalvinistiese milieu waarbinne hierdie akademiese inrigting sy ontstaan en groei gehad het, het ongetwyfeld sy stempel afgedruk op die houding en beleid jeens die swart en gekleurde volke en groepe in Suid-Afrika. Die behoud van die blanke, Christelike beskawing is as ‘n Godgegewe taak en roeping beskou, en die enigste wyse waarop dit volgens die oorheersende PUK-denke van die tyd redelikerwys gedoen kon word, was deur die beleid van segregasie. Terselfdertyd is egter ook besef dat reg en geregtigheid en die bied van volle geleentheid vir totale ontwikkeling die grondslag moes wees vir optrede en beleid teenoor die ander rasgroepe.

Hoe, en of dié twee benaderings – segregasie en die handhawing van reg en geregtigheid gepaard met die bied van geleentheid vir volle ontplooiing andersyds – geïmplementeer en met mekaar versoen kon word, sou die toekoms moes uitwys. Ook in PUK-geledere is besef dat die rassevraagstuk inderdaad die belangrikste probleem van Suid-Afrika was.



4.4.16

Voortrekkermonument ... Die Voortrekkers en die “Boer” was volgens DW Krüger nie onderdrukkers van swart volke nie, dié monument nie ‘n monument van blanke baasskap nie.